

**DIE INVLOED VAN
KAPITAALINVESTERINGSVERANDERLIKES
OP DIE WINSGEWENDHEID VAN KORING- EN
MIELIEVERBOUING LANGS DIE ORANJERIVIER**

HENDRIK MARAIS

**Skripsie goedgekeur as gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister in Bedryfsadministrasie
in die Fakulteit van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Leier: Prof. J.G. Kotzé

Potchefstroom

1991

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Wat die inhoud van hierdie skripsie betref, vertrou ek dat die poging wat hier aangewend is daartoe sal bydra dat die aandag meer gerig sal word op finansiële bestuur as hulpmiddel vir finansiële sukses van 'n besproeiingsboerdery-eenheid.

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor die volgende persone en instansies:

- My studieleier, prof. J.G. Kotzé vir die hulp wat ek van hom ontvang het.
- Prof. N.P. du Preez (direkteur van die Nagraadse Skool vir Bestuurswese, PU vir CHO) vir sy besondere geduld met die afhandeling van die skripsie.
- Mnr Wynand du Plessis (bestuurder: Trustbank, Kimberley) vir sy vertroue in my asook die hulp wat hy altyd bereid was om aan te bied.
- Pretorius McArthur & Cavanagh en Coopers Theron Du Toit, Kimberley wat my behulpsaam was met die tikwerk asook die tyd wat tot my beskikking gestel is om die skripsie te voltooi.
- Anmag Uitgewers vir die tegniese versorging en finale afronding van die skripsie.
- Die personeel van die Ferdinand Postma biblioteek vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid.

Aan die volgende persone is ek besondere dank verskuldig omdat die hulp wat ek van hulle ontvang het my in staat gestel het om die skripsie te voltooi.

- My moeder vir haar voorbidding en aanmoediging. Sy het altyd die vertroue behou dat ek die skripsie suksesvol sou voltooi.
- My vrou, Marietha, vir haar geduld, vertroue en grootmoedigheid asook die offerings wat sy gemaak het. Haar belangstelling het miskien meer as enigiets anders as aansporing gedien tot die voltooiing van die skripsie.
- Bo alles en almal aan my Skepper en Saligmaker, Jesus Christus, al die eer en dank. Sonder die krag wat ek van Hom ontvang het, sou die skripsie nie 'n werklikheid geword het nie.

Hendrik Marais

ABSTRACT

THE INFLUENCE OF CAPITAL INVESTMENT CHANGES ON THE PROFITABILITY OF MAIZE AND WHEAT PRODUCTION ALONG THE ORANGE RIVER

1. PROBLEM SPECIFICATION

□ Research methodology

The study will be completed by investigating the following:

- Cost and investment changes: Compiling a study of the capital investment changes in irrigation farming along the Orange River.
- Gathering of information: Collection of information regarding the changes in investment patterns by interviews and discussions with agricultural cooperatives, suppliers of capital goods, banks and other interested parties.
- Literature study: Compiling a literature study to increase profit margins with financial management.

□ Purpose of the research

Although profit margins are decreasing the study will highlight the fact that a farmer can farm profitably along the Orange River especially with tight financial management and control.

- Break-even point and gross profit margins: The determining of the break-even point and gross profit margins for the years 1983 to 1986.
- The influence of:
 - ✧ cost of capital goods,
 - ✧ fixed and variable cost,
 - ✧ the influence of finance cost.

- Recommendations and possible models/guide lines: The gross profit margins have declined over the past few years because of the rise in cost and the below average price increases of maize and especially wheat.

The percentage increases for capital goods and variable cost items were as follows over the period 1983 to 1986:

CAPITAL GOODS	%
Motorcars	108,23
Light delivery vans	140,02
Tractors	84,03
Implements	93,15
Irrigation equipment	132,52
Water rights	37,89

VARIABLE COST ITEMS	%
Diesel	17,22
Petrol	33,87
Fertilizer	110,31
Packing material	74,16
Repair cost	109,00
Wheat	47,81
Maize	107,22

Although the percentages could be misleading the fact remains that the rise in cost of especially capital goods is alarming and the profit margins decrease rapidly.

It becomes more and more difficult for farmers to meet their commitments especially the farmers with relative high loans and those who do not practice sound farming management.

2. PRESENT SITUATION

The irrigation area along the Orange River from the PK le Roux Dam to Douglas is a young irrigation area except for Douglas.

The area is irreversibly connected to the Orange River for water supply for irrigation. Because of the high cost of capital goods and input costs it becomes very difficult to increase profitability. Especially in the light that some farmers make use to a large extend of borrowed capital. This influences the financial leverage negatively especially with the high interest rates.

The problem increased when the farmers borrowed money on the market value of the farm and not on the productive value. It required a great deal of financial discipline not to borrow money on the market value of a farm.

Because a great portion of the irrigation equipment is imported the exchange rate is a major factor in price increases. The De Kock report also led to the implementation of GST (General Sales Tax) which increased capital cost.

The high percentage of fixed cost as a percentage of total cost is also a worrying development especially with the low price increase of maize and wheat. This influences the break-even point negatively.

Because of the seasonal income of this type of farming financial control is of the utmost importance. (The farmer must keep a good set of books.)

3. SOLUTIONS/PROPOSED SITUATION

There is a way to run an irrigation farm profitably in spite of all these negative circumstances.

Sound financial management and planning form the basis of profitability. Knowing the output potential of the farm and what you can expect from it goes hand in hand with profitability because only then, can you plan and manage for profit.

There are a few financial aids the irrigation farmer must utilize to plan for optimum profitability. The most important is the budget in all its contexts. To manage money properly one of the most reliable budgets to use is the cashflow budget. The farmer must be realistic in the preparation of a budget and always keep in mind the potential of the farm.

The keeping of farm records are essential for the farmer to know the farm's heartbeat. The comparison of the records in the form of management accounts with the budgets are necessary to know exactly where he stands financially and where he is going. Budgets without the comparison with management accounts are futile. The one without the other is only "half-backed" financial management. A very effective financial tool to use is the break-even analysis. It is however essential to know the difference between fixed and variable cost. (Fixed cost is the cost that must be paid in respect of any output or not.) At a glance the farmer can see if it is worth while to apply a certain cost or not. The calculation of the break-even point is:

$$\text{Break-even in Rands} = \frac{\text{Fixed cost}}{\text{Gross profit \%}}$$

$$\text{Break-even point in units} = \frac{\text{Break-even point in Rands}}{\text{Unit price}}$$

The above mentioned aids or tools are most important for sound financial management, planning and control together with financial discipline.

4. CONCLUSION

It is possible with sound financial management and control to farm profitably along the Orange River although cost are increasing. With tight control over input- and fixed costs the farmer could plan for profit but must always remember what the output potential of the farm is. A farmer could also with the aid of capable advisors increase the output potential of the farm to its maximum potential and thereby increase the gross profit margin and the total profitability of the farm.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord en bedankings	i
Abstract	ii
Lys van bylaes, figure, grafieke en tabelle	xii
 HOOFSTUK 1 : AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE	2
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	3
1.4 VERWYSINGSRAAMWERK	4
1.4.1 Besproeiing langs die Oranjerivier	4
1.4.2 Omvang van die studie	4
1.5 NAVORSINGSMETODIEK	5
1.6 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	5
1.7 BEGRIPSOMSKRYWING	5
1.8 SAMEVATTING	6
 HOOFSTUK 2 : KOUSALE FAKTORE TOT DIE STUDIE	7
2.1 INLEIDING	7
2.2 DIE ORANJERIVIER VANAF DIE PK LE ROUXDAM TOT PRIESKA AS STUDIETERREIN	8
2.2.1 Oriëntering	8
2.2.2 Vergelyking van winsmarges	9

HOOFSTUK 3 : HISTORIESE OORSIG VANAF 1982 TOT 1986	11
3.1 INLEIDING	11
3.2 HISTORIESE GEGEWENS/OORSIG	12
3.2.1 Motors	12
3.2.2 Bakkies	13
3.2.3 Vragmotors	14
3.2.4 Trekkers	19
3.2.5 Werktuie en besproeiingstoerusting	21
3.2.6 Diesel- en petrolpryse	22
3.2.7 Kunsmis	23
3.2.8 Verpakkingsmateriaal, onderhoud en herstelwerk	24
3.2.9 Rentekoerse	26
3.2.10 Wisselkoerse	30
3.2.11 Koringpryse	31
3.2.12 Jaarlikse prysstygings van mielies	31
3.3 SAMEVATTING	32
 HOOFSTUK 4 : TEORETIESE AGTERGROND	 34
4.1 INLEIDING	34
4.2 MAKSIMALE WINSGEWENDHEID EN OPTIMALE OPBRENGS OP KAPITAAL	35
4.3 FINANSIËLE BESTUUR EN BEPLANNING	37
4.4 FINANSIËLE BEPLANNING	38

4.4.1	Omvang van 'n finansiële plan	39
4.4.2	Vereistes van 'n finansiële plan	40
4.4.2.1	Berekeninge gebaseer op akkurate gegewens	40
4.4.2.2	Reëlmatige kontantvloei	40
4.4.2.3	Toekomsbeplanning	40
4.4.2.4	Die stel van duidelik meetbare doelwitte	40
4.4.2.5	Maksimum wins na belasting moet nagestreef word	40
4.4.3	Rekordhouding	41
4.4.3.1	Finansiële rekordhouding	42
4.4.3.2	Bestuursrekordhouding	42
4.4.3.3	Die rekenaar as hulpmiddel	43
4.4.4	Begrotings en begrotingsbeheer	44
4.4.4.1	Gedeeltelike begroting	46
4.4.4.2	Omvattende begroting	46
4.4.4.3	Kapitale begroting	47
4.4.4.4	Bedrywigheidsbegroting	48
4.4.4.5	Kontantvloei-begroting	48
4.4.4.6	Finansiële begroting	49
4.4.4.7	Aankope, verkope en kostebegroting	49
4.4.4.8	Gelykbreekbegroting	50
4.4.4.9	Winsmargebegroting	50

4.5	OPTIMALE WINS	51
4.5.1	Die berekening van boerdery-inkomste	51
4.5.2	Die bepaling en vasstelling van vaste en veranderlike koste	53
4.5.3	Inflasie	56
4.6	WINGEWENDHEID	56
4.6.1	Winsmarges	56
4.6.2	Bepaling van die gelykbreekpunt	58
4.6.3	Wingewendheidsverhouding as hulpmiddel	59
4.7	OPBRENGS OP KAPITAAL	60
4.7.1	Bestuur van risiko's	60
4.7.2	Finansiële en skuldverhoudings	61
4.7.2.1	Likiditeitsverhoudings	61
4.7.2.2	Skuldverhoudings (struktuurverhoudings)	63
4.7.3	Finansiering	63
4.7.3.1	Finansieringsvorme en finansiële hefboom	63
4.7.3.1.1	Korttermynfinansiering	67
4.7.3.1.2	Mediumtermynfinansiering	67
4.7.3.1.3	Langtermynlenings	68
4.7.3.2	Die optimale finansieringstruktuur van 'n boerdery- onderneming	69
4.7.3.3	Aansoek om finansiering	73
4.7.4	Waardasie en bepaling van produktiewe waarde van kapitaal	73

4.7.4.1	Grondwaarde	74
4.7.4.2	Vaste verbeteringswaarde	76
4.7.4.3	Voertuig-, masjinerie en implementwaarde	76
4.8	SAMEVATTING	77

HOOFSTUK 5 : INVLOED VAN KOSTEVERANDERINGS OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT 79

5.1	INLEIDING	79
5.2	VERGELYKING VAN BRUTO WINSMARGES VANAF 1983 TOT 1986	81
5.3	DIE INVLOED VAN SEKERE VASTE KOSTEKOMPONENTE OP DIE GELYKBREEKPUNT	82
5.4	INVLOED VAN VERANDERING VAN DIE VERANDERLIKE KOSTE OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT	83
5.5	DIE INVLOED VAN RENTEKOERSE OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT	85
5.6	SAMEVATTING	86

HOOFSTUK 6 : SUKSESVOLLE BESTUUR VAN KAPITAAL 87

6.1	INLEIDING	87
6.2	VERBETERING VAN OPBRENGS OP KAPITAAL DEUR WINSGEWEND TE BOER	89
6.3	DIE BEREIKING VAN 'N FINANSIËLE SUKSESVOLLE BOERDERYONDERNEMING	89
6.3.1	Finansiële bestuur en beplanning	90
6.3.2	Optimale wins en winsgewendheid	91

6.3.3	Optimale benutting van finansiering	92
6.3.4	Die bepaling van die produktiewe waarde van kapitaal	93
6.4	SAMEVATTING	93
BYLAES		95
BIBLIOGRAFIE		165

LYS VAN BYLAES, FIGURE, GRAFIEKE EN TABELLE

Lys van bylaes

BYLAE 2.1

Spesifikasies van spilpuntstelsels 95

BYLAE 3.1

Motorvoertuigspesifikasies: pryse en jaarlikse persentasiestygings 96

BYLAE 3.2

Bakkiespesifikasies: pryse en jaarlikse persentasiestygings 98

BYLAE 3.3

Vragmotorspesifikasies: pryse en jaarlikse persentasiestygings 100

BYLAE 3.4

Trekkerspesifikasies: pryse en jaarlikse persentasiestygings 102

BYLAE 3.5

Prysindekse van werktuie en besproeiingstoerusting 105

BYLAE 3.6

Spilpuntgroottes en pryse asook jaarlikse persentasiestygings 106

BYLAE 3.7

Diesel- en petrolprysgeskiedenis 107

BYLAE 3.8

Prysindeks van intermediêre goedere 109

BYLAE 3.9	
Rentekoersgeskiedenis: prima uitleenkoerse	111
 BYLAE 3.10	
Wisselkoers van die Rand	113
 BYLAE 3.11	
Koringverkooppryse	114
 BYLAE 3.12	
Mielieverkooppryse	115
 BYLAE 4.1	
Werksprogram en bruto winsmarge begroting	116
 BYLAE 4.2	
Werksprogram vir boerderybeplanning	117
 BYLAE 4.3	
Staat van uitstaande skulde: 1.7.80 tot 30.6.81	119
 BYLAE 4.4	
Kontantvloei	120
 BYLAE 4.5	
Kontantvloeiëbegroting: 1.7.80 tot 30.6.81	122
 BYLAE 4.6	
Aankope en verkopebegroting	123
 BYLAE 4.7	
Kosteëbegroting: 19	124
 BYLAE 4.8	
Gross margin summary	126
 BYLAE 4.9	
Voorbeeld van 'n opgesomde balansstaat	127

BYLAE 4.10	
Vloei van fondsestaat vir Maart 86 tot Februarie 87	129
BYLAE 4.11	
Management summary	130
BYLAE 4.12	
Die beperkings van rekeningkundige verhoudings	132
BYLAE 4.13	
Analysis and interpretation of financial statements: Du Pont model	133
BYLAE 4.14	
Sleutelverhoudings as 'n sisteem	134
BYLAE 5.1	
Werking van die <i>COMBUD</i> (Bedryfstakbegrotings) van die Departement Landbou-ontwikkeling: Direktoraat Landbou-ekonomie	135
BYLAE 5.2	
Pryse van waterreg vir bespoeiingsgrond langs die Oranjerivier	138
BYLAE 5.3	
Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring onder spilpuntbesproeiing te Douglas vir 1983/84	139
BYLAE 5.4	
Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring onder spilpuntbesproeiing te Van der Kloof vir 1983/84	141
BYLAE 5.5	
Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring onder spilpuntbesproeiing te Douglas vir 1984/85	143
BYLAE 5.6	
Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1984/85	145

BYLAE 5.7

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring
onder spilpuntbesproeiing te Douglas vir 1985/86 147**

BYLAE 5.8

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir koring
onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1985/86 149**

BYLAE 5.9

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir mielies
onder spilpuntbesproeiing te Van der Kloof vir 1983/84 151**

BYLAE 5.10

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir vroeë mielies
onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1984/85 153**

BYLAE 5.11

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir laat mielies
onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1984/85 155**

BYLAE 5.12

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir mielies
onder spilpuntbesproeiing te Douglas vir 1985/86 157**

BYLAE 5.13

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir vroeë mielies
onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1985/86 159**

BYLAE 5.14

**Toedeelbare produksiekoste en gemiddelde verkoopprijs vir laat mielies
onder spilpuntbesproeiing te Ramah vir 1985/86 161**

BYLAE 6.1

Reëls by kredietverkryging 163

BYLAE 6.2

Die profiel van die finansiële suksesvolle boer 164

Lys van figure

FIGUUR 2.1	
SARB-indeks van die Rand se waarde	7
FIGUUR 3.1	
Koste per kilometer vir 'n 7-ton vragmotor	15
FIGUUR 3.2	
Verkope van twee- en vierwielaangedrewe trekkers vanaf 1977 tot 1985	20
FIGUUR 4.1	
Die invloed van finansiële faktore onderling	35
FIGUUR 4.2	
Die finansiële bestuursbeplanningsproses	38
FIGUUR 4.3	
Die nut van 'n boerderybestuursinligtingstelsel	43
FIGUUR 4.4	
Rekordhouding van verskillende uitgawes	45
FIGUUR 4.5	
Skematiese voorstelling van berekening van boerdery-inkomste	52
FIGUUR 4.6	
Grafiese voorstelling van koste	54
FIGUUR 4.7	
Vaste koste per hektaar	55
FIGUUR 4.8	
Bruto winsmarge	57
FIGUUR 4.9	
Gelykbreekpunt	58

FIGUUR 4.10
Effek van rentekoerse op die bate: lasteverhouding van die onderneming
by konstante inkomste 71

FIGUUR 4.11
Vergelyking van grond se mark- en produktiewe waarde 74

Lys van grafieke

GRAFIEK 3.1
Gemiddelde persentasie prysstygings van motors vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 12

GRAFIEK 3.2
Gemiddelde persentasie prysstygings van bakkies vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 13

GRAFIEK 3.3
Gemiddelde persentasie prysstygings van vragmotors vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 14

GRAFIEK 3.4
Gemiddelde persentasie prysstygings van trekkers vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 ... 20

GRAFIEK 3.5
Gemiddelde persentasie prysstygings van werktuie vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 ... 21

GRAFIEK 3.6
Gemiddelde persentasie prysstygings van besproeiingstoerusting
vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 21

GRAFIEK 3.7
Gemiddelde persentasie prysstygings van diesel vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 22

GRAFIEK 3.8
Gemiddelde persentasie prysstyging van petrol vanaf 1982/1983 tot 1985/1986 23

GRAFIEK 3.9

Gemiddelde persentasie prysstyging van kunsmis vanaf 1982/1983 tot 1985/198623

GRAFIEK 3.10

**Gemiddelde persentasie prysstyging van verpakkingsmateriaal
vanaf 1982/1983 tot 1985/198624**

GRAFIEK 3.11

**Gemiddelde persentasie prysstyging van onderhoud en herstelwerk
vanaf 1982/1983 tot 1985/198625**

GRAFIEK 3.12

Hoogste rentekoers in die jaar29

GRAFIEK 3.13

Aantal kere wat rentekoerse verander het29

GRAFIEK 3.14

Wisselkoers: Rand geweegde gemiddelde30

GRAFIEK 3.15

Jaarlikse prysstygings van koring31

GRAFIEK 3.16

Jaarlikse prysstygings van wit mielies32

GRAFIEK 3.17

Jaarlikse prysstygings van geel mielies32

GRAFIEK 3.18

Vaste kostekomponent prysstygings teenoor koring en mielies33

GRAFIEK 3.19

Veranderlike kostekomponent prysstygings teenoor koring en mielies33

GRAFIEK 5.1

**Prysstygings van waterregte vanaf 1980 tot 1983 en
vanaf 1983 tot 1985 vir 60 hektaar 80**

Lys van tabelle

TABEL 3.1

Voertuigkosteskedule vir ses gewilde vragmotors16

TABEL 3.2

Die invloed van jaarlikse prysstygings van vragmotors op die totale koste per kilometer vanaf 1983 tot 1986 vir 7,5-10 ton en 10-15 ton vragmotors onderskeidelik17

TABEL 3.3

'n Vergelyking van onderdelepryse (Oktober 1987) van enkele gewilde trekkefabrikate (2-wiel-krag, 55-65 kw-klas)26

TABEL 3.4

Die invloed van jaarlikse rentekoersstygings van vragmotors op die totale koste per kilometer vanaf 1983 tot 1986 vir 7,5 - 10 ton en 10 - 15 ton onderskeidelik27

TABEL 4.1

Positiewe finansiële hefboom65

TABEL 4.2

Negatiewe finansiële hefboom66

TABEL 4.3

Korrekte finansieringstermyn66

TABEL 4.4

Effek van rentekoerse op die bate: lasteverhouding van die onderneming by konstante inkomste71

TABEL 4.5

Kontant beskikbaar by wisselende inkomste72

TABEL 5.1

Bruto winsmarges vanaf 1983 tot 1986 asook bruto winspersentasies81

TABEL 5.2

Vaste kostekomponente	82
-----------------------------	----

TABEL 5.3

Verandering in die veranderlike koste	84
---	----

TABEL 5.4

Die invloed van rentekoerse	85
-----------------------------------	----

HOOFSTUK 1

AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die gebied weswaarts van die PK le Rouxdam is uiters geskik vir besproeiing. Die min bergagtige gedeeltes wat voorkom en die benutting van rivieroewergrond vir besproeiing is opvallend wanneer per motor langs die Oranjerivier vanaf die PK le Rouxdam weswaarts tot by Prieska gereis word. Tot by die PK le Rouxdam word besproeiing deur bergagtige gedeeltes belemmer.

Besproeiing is 'n intensiewe boerderymetode wat hoë kapitaal- en bedryfsuitgawes vereis. (Hierdie kapitaal- en bedryfsuitgawes sal in latere hoofstukke breedvoeriger bespreek word.) Die prys van veral kapitaalgoedere wat vinniger as die verkoopprijs van koring en mielies styg, het 'n krimpemde invloed op die winsmarges van die besproeiingsboere langs die Oranjerivier. Die probleem word vererger deurdat daar hoofsaaklik van spilpuntbesproeiing gebruik gemaak word wat 'n hoë aanvanklike kapitaalinset vereis.

Die besproeiingsboere plant hoofsaaklik koring en mielies aan. Die hoë vervoerkoste beperk die aanplant van ander gewasse deurdat die gebied ver vanaf die tradisionele groot varshoofmarkte soos Johannesburg, Durban en Kaapstad geleë is. Graansilo's vir die lewering van koring en mielies is geleë te Hopetown en Douglas (wat in die afgebakende studieterrein geleë is.) Hierdie feit vergemaklik die verbouing van koring en mielies.

Die huidige tendens is dat heelwat jonger boere tot die besproeiingsboerdery toetree en dat van hierdie boere oor naskoolse kwalifikasies beskik (Bo-Karoo Ontwikkelingsvereniging, 1983:3). Weens die hoë aanvanklike kapitaalkoste en die finansiering van kapitaalgoedere, veral spilpunte, word die jonger boere egter vanaf 1981 deur hoë rentekoerse gekniehalter. Genoemde feite is veral van belang as in ag geneem word dat die gebied vanaf 1979 hoofsaaklik as besproeiingsgebied ontwikkel het.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

Die besproeiingsgebied is 'n jong besproeiingsgebied wat in 'n groot mate selfonderhoudend is. Verder is die gebied onlosmaaklik gekoppel aan die doeltreffende en produktiewe aanwending van die Oranjerivierwater vir besproeiingsdoeleindes op sodanige wyse dat winste gemaksimaliseer word en koste besnoei word. Weens die hoë pryse van kapitaalgoedere en die verdere koste-effek van algemene verkoopbelasting is die vraag na krediet relatief hoog en het die hoë rentekoerse eroderend ingewerk op die winsmarges van die besproeiingsboere in die gebied. Die finansiële hefboom is met die gebruikmaking van 'n groot persentasie vreemde kapitaal benadeel.

Die probleem word vererger deurdat boere krediet kan bekom op die markwaarde van die eiendom wat hoër is as die produktiewe waarde. (Hierdie tendens word volledig in latere hoofstukke bespreek.) Die verskil tussen die markwaarde en die produktiewe waarde van besproeiingsgrond teen die Oranjerivier is groot en dit verg streng finansiële dissipline van die boer om die benutting van vreemde kapitaal te beperk tot die produktiewe waarde van die grond. Daar moet deurgaans gepoog word om die aangaan van finansiering en die aankoop van kapitaalgoedere tot die inkomstepotensiaal van die grond te beperk.

Aangesien groot gedeeltes van veral besproeiingstoerusting en toebehore ingevoer moet word, is die besproeiingsboerdery uiters gevoelig vir monetêre beleid. Die vrystelling van die De Kock-verslag in 1979 en die uitwerking daarna op die ekonomie, veral die ekonomie van die besproeiingsboere langs die Oranjerivier, kan nie gering geskat word nie. Een van die belangrikste veranderinge wat deur die De Kock-verslag aanbeveel is, was die aanpassing van die monetêre beleid tot 'n meer markgerigte beleid wat in die proses aanleiding gegee het tot die verslapping van wisselkoersbeheer en valutabeheer. Naas die monetêre beleidsveranderinge en die invloed wat dit veral op rentekoerse gehad het, is fiskale beleidsaanpassings ook aanbeveel. Die instelling van AVB (Algemene Verkoopbelasting) is die vernamste wysiging wat in hierdie verband plaasgevind het (SALU, 1985:1).

'n Verdere faktor wat in latere hoofstukke bespreek word, is die hoë persentasie wat vaste koste van totale koste vorm. Met die lae styging van pryse vir mielies en veral koring word die probleem van toenemende styging in vaste koste vererger, wat 'n remmende invloed op winsmarges het, en word die gelykbreekpunt negatief beïnvloed. Weens die beheerde prysbepaling van hierdie twee bedrywe is die prysverhoging wat die boer kan beding gering. Weens die korporatiewe stelsel is die invloed wat 'n boer kan uitoefen op veranderlike koste minimaal. Wat wel beheer kan word en korrek bestuur moet word, is vaste koste en die optimale ekonomiese uitset/opbrengs per hektaar.

Weens die seisoenale inkomste van hierdie soort boerdery is beheer en kontrole van belang. Die kontantvloeiëbegroting is een van die belangrikste hulpmiddels van die moderne besproeiingsboerderyonderneming. Die sukses van 'n kontantvloeiëbegroting sal afhang van akkurate boekhouding, die vermoë van die boer om akkuraat vooruit te beplan en die werklike inkomste en uitgawes akkuraat te kontroleer.

Die besproeiingsboer kan met daadwerklike en voorkomende optrede en korrekte finansiële bestuur winste maksimaliseer en beheerbare koste/insette minimaliseer. (Deur die verhoging van winsmarges kan die mees ekonomiese uitset, nie noodwendig maksimum uitset nie, verkry word wat van belang is om winsmarges vir 'n bepaalde besproeiingsplaas te maksimaliseer.) Goeie bestuur en finansiële beheer en dissipline is onderliggend aan die behaling van maksimum wins per hektaar. Verder moet risiko deur die oordeelkundige gebruikmaking van versekering geminimaliseer word.

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Alhoewel faktore daartoe bydra dat winsmarges krimp, word in die studie gepoog om te bewys dat daar wel winsgewend op besproeiingsgrond langs die Oranjerivier geboer kan word deur middel van die korrekte finansiële bestuur toe te pas. Ten einde die doelwit te bereik, sal verskeie newedoelwitte bereik moet word, naamlik:

- Gelykbreekpunt en bruto winsmarges: die bepaling van die gelykbreekpunt en bruto winsmarges vir koring- en mielieverbouing onder besproeiing.
- Gelykbreekpunte: die bepaling van gelykbreekpunte vir die jare 1983 tot 1986 en ooreenstemmende bruto winsmarges.
- Invloed van sekere faktore: die bepaling van die invloed van die volgende faktore op wins
 - ✧ die koste van kapitaalgoedere,
 - ✧ vaste en veranderlike koste,
 - ✧ die invloed van finansieringskoste.
- Aanbevelings: aanbevelings en die daarstelling van moontlike modelle/riglyne.

1.4 VERWYSINGSRAAMWERK

1.4.1 Besproeiing langs die Oranjerivier

Die besproeibare gebied langs die Oranjerivier word hoofsaaklik aangetref op die oewers van die Oranjerivier tot ongeveer 'n tien kilometerradius van die rivier volgens 'n mededeling van Mnr. J. Coetzee, die Streekverteenwoordiger van Agrico Masjinerie te Kimberley op 18 Julie 1988.

Daar word hoofsaaklik van spilpuntbesproeiingstelsel gebruik gemaak vir besproeiing. Vloedbesproeiing as besproeiingsvorm word as 'n uitsondering gebruik.

Behalwe vir Douglas is die besproeiingsgebied 'n jong besproeiingsgebied wat hoofsaaklik vanaf 1979 ontwikkel het.

Die koöperasies wat produksiemiddele aan die boere verskaf, is Sentraal-Wes te Luckhoff, Hopetown Koöperasie en Douglas Koöperasie. Kapitaalgoedere word hoofsaaklik by plaaslike handelaars in die gebied aangeskaf, maar besproeiingstoerusting word meestal vanaf Sentraal-Wes te Luckhoff, Hopetown Koöperasie, Douglas Koöperasie, handelaars in Kimberley en Bloemfontein aangekoop.

Graansilo's is te Petrusburg, Douglas en Hopetown (wat in 1986 opgerig is) beskikbaar.

Hopetown is op die hoofroete vanaf Transvaal oor Kimberley na Kaapstad geleë. Verder is die dorpe in hierdie gebied per teerpad met Kimberley en Bloemfontein verbind en is die dorpe ook per spoor met hierdie sentra verbind.

1.4.2 Omvang van die studie

Die studie word beperk tot koring- en mielieverbouing met behulp van spilpuntbesproeiing langs die Oranjerivier vanaf die PK le Rouxdam tot waar Douglas se distrikgrens dié van Prieska langs die Oranjerivier ontmoet.

Die studie is verder beperk tot koste- en investeringsveranderinge wat vanaf 1983 tot 1986 plaasgevind het. Die bepaling van winsmarges en kosteberekenings word beperk tot 'n besproeiingseenheid van 60 hektaar.

1.5 NAVORSINGSMETODIEK

Die metode wat gevolg is om die studie te doen, is die volgende:

- Koste- en investeringsveranderings: 'n studie is gemaak van die koste- en investeringsveranderings in die besproeiingsbedryf met spesiale verwysing na besproeiing langs die Oranjerivier.
- Insameling van gegewens en inligting: die veranderings ten opsigte van koste en investering is nagevors deur middel van samesprekings, skriftelike versoeke en onderhoud met persone by landboukoöperasies, voorsieners van kapitaalgoedere, banke en ander belangegroepe.
- Literatuurstudie: om te bepaal hoe winsmarges verhoog kan word met die oog op maksimum winsgewendheid deur die korrekte finansiële bestuur toe te pas, is die literatuur bestudeer met inagneming van die bogenoemde studie-inligting.

1.6 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

In die lig van die uniekheid van hierdie bedryf asook die besproeiingsopset en ligging van die besproeiingsgebied, sal die riglyne wat gestel word nie noodwendig van toepassing wees op enige ander bedryf of besproeiingsgebied nie.

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

- Spilpuntbesproeiing: die gebruikmaking van 'n spilpunt vir besproeiingsdoeleindes
- Kapitaalgoedere: boerderywerktuie, besproeiingstoerusting, trekkers, vragmotors, bakkies en motors.
- Veranderlike koste: wisselkoerse van die rand, rentekoerse, kunsmis, pakmateriaal, onderhoud en herstelkoste, diesel en petrol.
- Finansiële hefboom: dit is die effek wat verkry word wanneer van buite finansiering in die vorm van vreemde kapitaal gebruik gemaak word.
- Vreemde kapitaal: alle kort- en langtermynlenings wat aangegaan word met buite instansies.
- Markwaarde: die premie wat 'n koper bereid is om addisioneel vir 'n plaas te betaal.
- Produktiewe waarde: die waarde van 'n plaas wat op die opbrengspotensiaal van die plaas gegrond is.
- Monetêre beleid: die *geld*-beleid van die Republiek van Suid-Afrika.

- Bruto winsmarge: verskil tussen bruto inkomste en geallokeerde koste.
- Gelykbreekpunt: die punt waar die koste gelyk is aan die inkomste en geen wins of verlies gemaak word nie.
- Eienaarsvergoeding: die vergoeding wat die eienaar neem vir privaatdoeleindes. Dit sluit die neem van voorrade vir eie gebruik in.
- Winsgewendheid: dit is om 'n punt te bereik waar inkomste oorbly en nie aangewend hoef te word vir uitgawes nie.
- Begrotings: 'n vooruitskatting van hoe die finansiële toekoms gaan uitsien; dus om vooruit te skat.
- Vaste koste: dit is die koste wat aangegaan moet word rakende produksie.

1.8 SAMEVATTING

In die bestudering van hierdie besproeiingsgebied kom 'n mens onder die besef van die kompleksiteit en uiteenlopendheid van faktore wat die boerdery in hierdie gebied dinamies maak en hoë eise stel aan die kwaliteit boer wat in hierdie boerderymilieu wil oorleef.

Die invloed van kostefaktore soos die hoë rentekoerse vanaf 1981, insetkoste en ander faktore sal eers in later jare besef word. Wat die invloed van hierdie faktore verontrustend maak, is dat dié gebied as besproeiingsgebied eers vanaf 1979 sterk ontwikkel het.


HOOFSTUK 2

KOUSALE FAKTORE TOT DIE STUDIE

2.1 INLEIDING

Die gebied vanaf die PK le Rouxdam tot by Prieska het as besproeiingsgebied in die laat sewentigerjare met die koms van die spilpunt as besproeiingsmiddel sterk ontwikkel (Bo-Karoo Ontwikkelingsvereniging, 1983:29,32,35). Die spilpunt is 'n baie groot hulpmiddel, maar die prys van sodanige besproeiingstelsel het die afgelope paar jaar skerp gestyg weens die verswakking van die rand as geldeenheid teenoor die dollar (kyk figuur 2.1). Die wisselkoers het 'n effek gehad omdat 'n groot gedeelte van die komponente van die spilpunt ingevoer moet word (kyk bylae 2.1 vir persentasie gewig van spilpunt wat ingevoer moet word). Verder is die gebied langs die Oranjerivier uniek omdat dit die eerste besproeiingsgebied was waar besproeiing op so 'n groot skaal met behulp van spilpunte aangepak is.

FIGUUR 2.1 SARB-INDEKS VAN DIE RAND SE WAARDE



BRON: Trustbank, 1986

Bogenoemde gegewens tesame met die styging in insetkoste en ander kapitaalgoedere soos byvoorbeeld trekkers, vragmotors en bakkies het daartoe bygedra dat finansiële be-

planning en bestuur al hoe belangriker geword het. (Die persentasie prysstygings van die kapitaalgoedere en ander koste word volledig in hoofstuk drie en vyf bespreek).

Weens die Oranjerivier se lae sout- en vreemde materiaalinhoud is dit 'n goeie waterbron vir besproeiing. Die gevaar bestaan egter dat, indien besproeiing onoordeelkundig toegepas gaan word op groot skaal, gifstowwe vir plaagbestryding en kunsmis na die Oranjerivier kan uitloop en dit besoedel (SOAK, 1988:51,62).

Deurdat besproeiingsboerdery 'n intensiewe vorm van boerdery is, verg dit dissipline van die boer om in die kompleksiteit van die soort boerdery genoegsame aandag aan finansiële beplanning en bestuur te skenk. Die huidige tendens is dat jonger boere tot die besproeiingsboerdery toetree en dat dieselfde boere in 'n meerdere mate naskoolse opleiding ondergaan het.

2.2 DIE ORANJERIVIER VANAF DIE PK LE ROUXDAM TOT PRIESKA AS STUDIETERREIN

2.2.1 Oriëntering

Die identifisering van 'n streek of substreek as studieterrrein is 'n komplekse aktiwiteit. Om sodanige bepaling te doen, moet bepaalde behoeftes asook uitstaande kenmerke van sodanige streek uitgelig word.

In die bepaalde studie gaan hoofsaaklik van onlangse bronne gebruik gemaak word omdat spilpuntbesproeiing langs die Oranjerivier eers die afgelope jare sterk na vore getree het. Weens die hoë insette en geweldige styging van kapitaalgoedere en besproeiingsgrond se pryse asook die hoë rentekoerse die afgelope paar jaar, is die boer genoodsaak om beter finansiële beplanning en bestuur toe te pas. Dit is eers die afgelope paar jaar dat daar indringend aandag gegee word aan finansiële beplanning en bestuur in die boerdery. Daar is in die boerderysektor 'n behoefte aan leiding in hierdie verband.

Die keuse van die gebied tussen die PK le Rouxdam en Prieska as studieterrrein is gedoen op grond van die feit dat die besproeiingsgebied hoofsaaklik van kapitaalgoedere gebruik maak vir besproeiing en die gebied 'n jong ontwikkelende gebied is. Ander besproeiingsgebiede in die omgewing soos Vaalharts en Rietrivier is reeds gevestigde gebiede en doen hoofsaaklik vloedbesproeiing

Daar sal in die studie op die koring- en mielieverbouing gekonsentreer word. In hierdie gebied word hoofsaaklik koring en mielies verbou. Aartappels, katoen, lusern en ander gewasse word in 'n mindere mate verbou. Om die winsmarges te bepaal en te vergelyk, is eenvoudig omdat die produkte koring en mielies teen vasgestelde pryse verhandel word. Die pryse van die produkte word jaarliks deur die Koring- en Mielieraad onderskeidelik aanbeveel, maar die prys word deur die regering vasgestel en deur die Minister van Landbou aangekondig, aldus Mnr. Nel (1988).

2.2.2 Vergelyking van winsmarges

Weens die homogeniteit van die area met betrekking tot die klimaat en watervoorsiening, is die vergelyking van verskillende jare se winsmarges 'n goeie aanduiding van die verandering in die finansiële posisie van die boere oor die afgelope aantal jare.

As beginpunt gaan eerstens gekyk word na die verandering in die gelykbreekpunt asook die bruto boerdery-inkomste vir koring- en mielieverbouing vanaf 1983 tot 1986. Die bruto boerdery-inkomste is dié wat aangewend kan word vir onder andere rentebetalings, die aankoop van kapitaalgoedere en lewenskoste. Die gelykbreekpunt is belangrik, want dit gee 'n aanduiding van die verbetering of verswakking van die potensiaal van die boere se bruto boerdery-inkomste.

Die pryse van kapitaalgoedere het die afgelope aantal jare skerp gestyg. Dit het 'n erosie-effek gehad op die boere se inkomste. Dit het al hoe moeiliker geword om kapitaalgoedere te vervang of om uit te brei of om te meganiseer.

Die styging van veral besproeiingsgrond se pryse het 'n invloed op die vaste koste van diesulke boere gehad. Alhoewel die grondpryse in die afgelope jaar gestabiliseer het op R5, 000 tot R7, 000 per hektaar vir reeds ontwikkelde grond volgens Mnr. H. Hamman (1988) het die rentekoerse en ander koste nadelig ingewerk op die boere se vaste koste. Die hoër insette, styging in lone en ander koste het 'n styging in die veranderlike koste van die boere teweeg gebring. Met doeltreffende beplanning en bestuur van uitgawes kan bogenoemde nadelige effek op die boerdery wel verminder word. In die studie word sterk klem gelê op die invloed van veranderings van vaste en veranderlike koste op die winsmarges van besproeiingsboere.

Die koste van bedryfskapitaal het die afgelope twee jaar ook skerp gestyg veral waar boere van produksieleningen of 'n oortrokke bankrekening gebruik gemaak het. Die koste

van bedryfskapitaal het dus in finansiële beplanning en beheer 'n faktor geword waarmee rekening gehou moet word.

Kontantvloeï het al hoe belangriker geword vir die boer, maar ook vir die finansiële instellings en koöperasies. Daar sal in die studie vasgestel word hoe 'n kontantvloeibegroting tot voordeel van alle partye aangewend kan word. Die kontantvloeibegroting het leemtes, maar die leemtes kan verbeter word en in sekere gevalle selfs uitgeskakel word. (Die kontantvloeibegroting word volledig in hoofstuk vier bespreek.)

In die studie word bepaal of finansiële bestuur kan bydra om die besproeiingsboer langs die Oranjerivier se toekomstige posisie te verbeter. Banke en die koöperasies kan 'n wesenlike bydrae lewer tot die boer se finansiële beplanning deurdat hierdie instansies oor kundige persone beskik om professionele advies rakende landboukundige, finansiële en finansierings-aangeleenthede te gee.

Die studie let op maniere waarop hierdie instellings 'n bydrae kan lewer en daarom is onderhoude met persone by koöperasies, banke en voorsieners van kapitaalgoedere gevoer.

HOOFSTUK 3

HISTORIESE OORSIG VANAF 1982 TOT 1986

3.1 INLEIDING

Om 'n bepaling te kan doen van die kostekomponente vir 'n besproeiingsboer moet oorsigtelik gelet word op die historiese kostegegewens van kapitaalgoedere¹, veranderlike koste² en koring- en mieliepryse. Die doel van hierdie hoofstuk is om vas te stel wat die tendens van genoemde faktore was vanaf 1983 tot 1986. Om hierdie doel te bereik, is die jaarlikse persentasie prysstygings van 'n aantal boerderykomponente vasgestel asook die gemiddelde persentasie prysstygings oor die periode vanaf 1983 tot 1986. Om hierdie gegewens te versamel, is van verskeie bronne gebruik gemaak waarvan sommige daaglik as barometer in die algemene handel gebruik word.

Om hierdie gegewens in 'n beter perspektief te plaas, is hierdie gegewens grafies voorgestel. Die doel van hierdie hoofstuk is nie om die bydrae van die kostekomponente ten opsigte van 'n besproeiingsboerdery aan te toon nie, maar om 'n oorsig daarvan te gee vanaf 1983 tot 1986 vir die boerderysektor.

Die bydrae van hierdie kostekomponente tot die kosterekening van 'n besproeiingsboer langs die Oranjerivier word in besonderhede behandel in hoofstuk vyf.

Sekere kostekomponente word nie aangedui in hierdie hoofstuk nie, naamlik arbeid, elektrisiteitskoste, waterregkoste, grondpryse en oesopbrengste van koring en mielies. Hierdie faktore verskil van boerderysoort tot boerderysoort. Hierdie faktore is slegs onderling van toepassing in die studieterrein onder bespreking, maar nie op enige ander boerderygebied of boerderysoort nie. (Hierdie faktore word breedvoerig in hoofstuk vyf bespreek.)

1 Kapitaalgoedere: boerderywerktuie, besproeiingstoerusting, trekkers, vragmotors, bakkies en motors

2 Veranderlike koste en ander faktore: wisselkoers van die rand, rentekoerse, kunsmis, pakmateriaal, onderhoud en herstelkoste, diesel en petrol


Alle persentasies en grafieke wat vermeld word in hierdie hoofstuk is gegrond op die berekenings van die gegewens soos vervat in bylaes 3.1 tot 3.12. Die jaarlikse persentasie verhogings wat in hierdie bylae bereken is, is bereken vanaf die vorige jaar.

3.2 HISTORIESE GEGEWENS/OORSIG

3.2.1 Motors

Alhoewel 'n motor nie 'n integrale deel van 'n boerderyonderneming uitmaak nie is dit wel 'n kostekomponent waarmee rekening gehou moet word. Die uitgawes daaraan verbonde vorm deel van die boer se eienaarvergoeding en dra 'n motor nie noodwendig direk by tot die inkomstegenerering nie, maar word die koste deur die boerderyonderneming gedra. Die persentasie verhogings op 'n jaarlikse basis word in grafiek 3.1 aangedui. Die grafiek toon duidelik die prysverhoging vanaf 1984.

*GRAFIEK 3.1 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN MOTORS
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986*




3.2.2 Bakkies

'n Bakkie is noodsaaklik vir die effektiewe en doeltreffende hantering van 'n boerdery. Verskeie goedere asook arbeiders word daagliks met 'n bakkie vervoer.

Die koste van 'n bakkie is nie noodwendig toedeelbaar aan 'n sekere boerderybedryfstak nie, derhalwe word die koste gehanteer as deel van die oorhoofse koste van 'n boerderyonderneming.

Die tendens van prysstygings het vanaf 1984 'n versnelling getoon en word grafies in grafiek 3.2 voorgestel. Hierdie tendens is verontrustend veral as in gedagte gehou word dat 'n bakkie na 'n aantal jare vervang moet word.


*GRAFIEK 3.2 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN BAKKIES
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986*



3.2.3 Vragmotors

Die koste van vragmotors het 'n versnelling getoon vanaf 1984. (Hierdie tendens word in grafiek 3.3 grafies weergegee.) Hierdie kostekomponent beïnvloed die vaste koste komponent van 'n boerderyonderneming geweldig. 'n Vragmotor se aankoopprys het in 1982 gewissel van R20 000 tot R40 000. 'n Ford Cargo 1517 se aankoopprys het gestyg vanaf R37 090 in 1982 tot R62 585 in 1986. Om hierdie addisionele kapitaal vanuit 'n boerderyonderneming te verhaal, het al hoe moeiliker geword.


**GRAFIEK 3.3 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN VRAGMOTORS
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**



In enige besproeiingsboerdery word 'n vragmotor benodig om produkte en goedere na of vanaf die plaas na die markte en/of graansilo's te vervoer. Indien 'n vragmotor slegs seisoenaal aangewend word, is dit teoreties meer lonend om van 'n vervoerkontrakteur gebruik te maak, maar vir die seisoenale spits tyd is die dienste van 'n vervoerkontrakteur nie altyd beskikbaar nie. Hierdie tendens asook die addisionele voordeel om 'n vragmotor te besit en die kritiese invloed van reën op gewasse tydens strooptyd lei daartoe dat boere hulle

eie vragmotors aankoop. Hierdie aankope word nie altyd oordeelkundig gedoen met inagneming van alle kostekomponente nie. Indien 'n vragmotor onoordeelkundig aangekoop word, kan dit die winssituasie van 'n boer negatief beïnvloed. Die effek van vaste en veranderlike koste oor kilometers afgelê, word in figuur 3.1 aangedui.

FIGUUR 3.1 KOSTE PER KILOMETER VIR 'N 7-TON VRAGMOTOR



BRON: Anon., 1987a

By die aanskaf van 'n vragmotor moet al die faktore soos addisionele lone, waardevermindering, lisensiegelde, versekeringsgelde en algemene onderhoudskoste in ag geneem word. Verder moet die besluit om die vragmotor kontant of met behulp van finansiering aan te koop, deeglik oorweeg word.

Die keuse van 'n vragmotor met 'n sekere dra vermoë is 'n komplekse besluit. Die onderstaande berekenings in tabel 3.1 moet gedoen word vir 'n aantal vragmotors alvorens 'n keuse van 'n vragmotor gemaak word.

TABEL 3.1 VOERTUIGKOSTESKEDULE VIR SES GEWILDE VRAGMOTORS³

Soort voertuig	Bakkie	Vragmotor	Vragmotor	Vragmotor
Aantal asse	2	2	2	3
Soort onderstel	vas	vas	vas	vas
Vragvermoë	2,5-5t	5-7,5t	7,5-10t	tot 15t
Koopprys (R)	26 880	38 080	54 288	143 848
Minus reswaarde (R)	6 720	9 520	13 572	35 962
Minus bande (R)	580	2 400	2 076	6 080
Bedrag vir waardevermindering (R)	19 580	26 160	38 640	101 806
Jaarlikse vaste (staande) koste				
Waardevermindering @ 20% (R)	3 916	5 232	7 728	20 361
Huurkoopkoste @ 19% per jaar (R)	2 419	3 427	4 886	12 946
Lisensiegeld (R)	135	203	426	1 762
Versekering (R)	2 660	3 556	4 853	12 018
Bestuurderslone (R)	8 942	9 184	10 701	13 376
Aanboordpersoneel:	1	1	1	1
Aantal en lone elk (R)	5 736	5 736	5 736	5 736
Vaste onderhoud (R)	2 033	2 339	2 937	5 625
Gebeurlikhede (R)	300	400	500	500
Administrasie (R)	2 905	3 342	4 196	8 036
Totale jaarlikse vaste (staande) koste (R)	29 047	33 420	41 964	80 361
Bedryfskoste (225 dae per jaar)				
Vaste koste per dag (R)	129,10	148,53	186,51	357,16
Kilometer per jaar (km.)	22 500	45 000	45 000	67 500
Vaste koste per kilometer (R/km.)	1,29	0,74	0,93	1,19
Veranderlike bedryfskoste (R/km.)				
Brandstofverbruik (1/100 km.)	15,00	22,00	26,00	41,00
Brandstof (R/l)				

3 Gegewe s verkry van die Vereniging vir Openbare Vervoer se Voertuigkosteskedule

Soort voertuig	Bakkie	Vragmotor	Vragmotor	Vragmotor
Diesel (80c/l)				
Petrol (83c/l)	0,12	0,18	0,21	0,33
Smering/olie (R/km.)	0,01	0,01	0,01	0,02
Bande (versoling ingesluit R/km.)	0,01	0,02	0,02	0,06
Wisselende onderhoud (R/km.)	0,03	0,04	0,04	0,11
Totale veranderlike bedryfskoste (R/km.)	0,17	0,25	0,28	0,52
Totale koste (vaste en veranderlike - R/km.)	1,46	0,99	1,21	1,71

BRON: Anon., 1987n

Aanname per soort voertuig: Bande (grootte, soort, leeftyd); lisensiegeld; vaste onderhoud en administrasie teen sewe persent en tien persent onderskeidelik van die totale jaarlikse staande koste; veranderlike onderhoud teen 15,4 persent van die totale veranderlike bedryfskoste (Anon., 1987n).

Die effek van die prysstygings vanaf 1983 tot 1986 het 'n negatiewe invloed gehad op die totale koste van vragmotors en derhalwe op die boer se algehele vaste koste.

Tabel 3.1 is gebruik om die effek van die prysstygings te illustreer, soos wat dit in tabel 3.2 uiteengesit word. Slegs die aankoopprys, reswaarde en bedrag vir waardevermindering is gewysig om die invloed van die toename in die jaarlikse aankooppryse op die totale koste aan te toon.

TABEL 3.2 DIE INVLOED VAN JAARLIKSE PRYSSTYGINGS VAN VRAGMOTORS OP DIE TOTALE KOSTE PER KILOMETER VANAF 1983 TOT 1986 VIR 7,5-10 TON EN 10-15 TON VRAGMOTORS ONDERSKEIDELIK

	1983	1984	1985	1986	1983	1984	1985	1986
Soort voertuig	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor
Aantal asse	2	2	2	2	3	3	3	3
Soort onderstel	vas	vas	vas	vas	vas	vas	vas	vas

	1983	1984	1985	1986	1983	1984	1985	1986
Vragvermoë	7,5-10t	7,5-10t	7,5-10t	7,5-10t	tot 15t	tot 15t	tot 15t	tot 15t
Koopprijs (R)	30,875	35,026	39,404	45,898	75,727	85,907	98,180	117,553
Minus reswaarde (R)	7,719	8,756	9,851	11,474	18,932	21,477	24,545	29,388
Minus bande (R)	2,076	2,076	2,076	2,076	6,080	6,080	6,080	6,080
Bedrag vir waarde-vermindering (R)	21,080	24,193	27,477	32,347	50,716	58,351	67,555	82,084
Jaarlikse vaste (staande) koste								
Waarde-vermindering @ 20% (R)	4,216	4,839	5,495	6,469	10,143	11,670	13,511	16,417
Huurkoopkoste @ 19% per jaar (R)	5,866	6,655	7,487	8,721	14,388	16,322	18,654	22,335
Lisensiegeld (R)	426	426	426	426	1762	1762	1762	1762
Versekering (R)	4853	4853	4853	4853	12 018	12 018	12 018	12 018
Bestuurderslone (R)	10 701	10 701	10 701	10 701	13 376	13 376	13 376	13 376
Aanboord-personeel: aantal	1	1	1	1	1	1	1	1
Aanboord-personeel: lone elk (R)	5736	5736	5736	5736	5736	5736	5736	5736
Vaste onderhoud (R)	2937	2937	2937	2937	5625	5625	5625	5625
Gebeurlikhede (R)	500	500	500	500	500	500	500	500
Administrasie (R)	4196	4196	4196	4196	8036	8036	8036	8036
Totale jaarlikse vaste (staande) koste (R)	39,432	40,844	42,332	44,540	71,585	75,047	79,219	85,806
Bedryfskoste (225 dae per jaar)								
Vaste koste per dag (R)	175,26	181,53	188,14	197,96	318,16	333,54	352,09	381,36
Kilometer per jaar (km.)	45 000	45 000	45 000	45 000	67 500	67 500	67 500	67 500
Vaste koste per kilometer (R/km.)	0,88	0,91	0,94	0,99	1,06	1,11	1,17	1,27

	1983	1984	1985	1986	1983	1984	1985	1986
	Veranderlike bedryfskoste (R/km,)							
Brandstofverbruik (1/100 km,)	26	26	26	26	41	41	41	41
Brandstof (diesel 80c/l; petrol 83c/l)	0,21	0,21	0,21	0,21	0,33	0,33	0,33	0,33
Smering/olie (R/km,)	0,01	0,01	0,01	0,01	0,02	0,02	0,02	0,02
Bande (versoling ingesluit R/km,)	0,02	0,02	0,02	0,02	0,06	0,06	0,06	0,06
Wisselende onderhoud (R/km,)	0,04	0,04	0,04	0,04	0,11	0,11	0,11	0,11
Totale veranderlike bedryfskoste (R/km,)	0,28	0,28	0,28	0,28	0,52	0,52	0,52	0,52
Totale koste (vaste en veranderlike - R/km,)	1,16	1,19	1,22	1,27	1,58	1,63	1,69	1,79

BRON: Eie

Die effek van prysstygings op die boer se koste kom duidelik na vore uit die gegewens van hierdie tabel.


3.2.4 Trekkers

Trekkers het soos motors, bakkies en vragmotors 'n versnelling in pryse getoon in 1984, maar 'n afname in 1985 getoon (kyk grafiese uiteensetting in grafiek 3.4).


'n Hoë-koste item wat die afgelope jare belangriker geword het, is die vervanging en herstel van trekkers en implemente. Die toename in pryse van trekkers is grotendeels veroorsaak deur die hoër gesofistikeerdheid van trekkers wat onnodig en oorbodig is vir Suid-Afrikaanse toestande. Trekkers wat nie so gesofistikeerd is nie kan dieselfde werkverrigting lewer omdat toebehore soos lugreëling en ander toevoegings onnodig en duur is (mnr A.S. van der Merwe, 1988).

Die gebruikmaking van vierwiel- in plaas van tweewielaandrywing vir trekkers toon 'n toenemende tendens. Die vierwielaandrywing verhoog 'n trekker se doeltreffendheid met vyf tot tien persent en bring 'n brandstofbesparing van vyf tot tien persent mee. Verder is die aanwending van 'n vierwielaangedrewe trekker onder nat en sanderige toestande, soos in 'n besproeiingsboerdery, meer voordelig (Anon, 1986a).

**GRAFIEK 3.4 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN TREKKERS
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**



**FIGUUR 3.2 VERKOPE VAN TWEE- EN VIERWIELAANGEDREWE TREKKERS
VANAF 1977 TOT 1985 (UITGEDRUK AS PERSENTASIE)**




BRON: Anon., 1986a


3.2.5 Werktuie en besproeiingstoerusting

Werktuie en besproeiingstoerusting het net soos ander kapitaalgoedere 'n versnelling in pryse getoon vanaf 1984. Grafiek 3.5 en 3.6 gee 'n voorstelling van die persentasie prysstygings.

**GRAFIEK 3.5 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN WERKTUIE
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**



**GRAFIEK 3.6 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN
BESPROEIINGSTOERUSTING VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**




Alhoewel die koste van werktuie en besproeiingstoerusting skerp gestyg het vanaf 1983 tot 1986 moet in gedagte gehou word dat die gebruikmaking van hierdie hulpmiddele bestuur verbeter en dat arbeidsprobleme grotendeels uitgeskakel word. Verder kan water ook meer dikwels in kleiner hoeveelhede toegedien word wat effektiwiteit verhoog. Om die tipe werktuie en toerusting ekonomies regverdigbaar te maak, moet dit maksimaal aangewend word (Anon., 1986a).

3.2.6 Diesel- en petrolpryse

Diesel- en petrolpryse het vanaf 1983 tot 1986 gefluktueer soos wat in grafiek 3.7 en 3.8 aangetoon word. Hierdie tendens bemoeilik enige vooruitskatting en begroting.

Weens die invloed van die brandstofpryse op die koste van boerderyuitgawes moet gepoog word om 'n besparing teweeg te bring deur middel van doeltreffende bestuur. Negentig persent van alle energiebenodigdhede op die plaas is van dieselbrandstof afhanklik en dertig tot veertig persent van 'n trekker se totale koste word verteenwoordig deur brandstof (Anon., 1987a).

GRAFIEK 3.7 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN DIESEL
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986




Alhoewel die koste van werktuie en besproeiingstoerusting skerp gestyg het vanaf 1983 tot 1986 moet in gedagte gehou word dat die gebruikmaking van hierdie hulpmiddele bestuur verbeter en dat arbeidsprobleme grotendeels uitgeskakel word. Verder kan water ook meer dikwels in kleiner hoeveelhede toegedien word wat effektiwiteit verhoog. Om die tipe werktuie en toerusting ekonomies regverdigbaar te maak, moet dit maksimaal aangewend word (Anon., 1986a).

3.2.6 Diesel- en petrolpryse

Diesel- en petrolpryse het vanaf 1983 tot 1986 gefluktueer soos wat in grafiek 3.7 en 3.8 aangetoon word. Hierdie tendens bemoeilik enige vooruitskatting en begroting.

Weens die invloed van die brandstofpryse op die koste van boerderyuitgawes moet gepoog word om 'n besparing teweeg te bring deur middel van doeltreffende bestuur. Negentig persent van alle energiebenodigdhede op die plaas is van dieselbrandstof afhanklik en dertig tot veertig persent van 'n trekker se totale koste word verteenwoordig deur brandstof (Anon., 1987a).

GRAFIEK 3.7 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGINGS VAN DIESEL
VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986




Kunsmishantering sal in die toekoms al hoe groter kundigheid van die boer verg om dit oordeelkundig aan te wend, aangesien voortdurende navorsing in hierdie veld bydra tot 'n groter gesofistikeerdheid in die toedieningshoeveelhede en die metode van toediening. Die korrekte toediening van 'n soort kunsmis het 'n wesenlike invloed op die winsgewendheid van 'n boerderyonderneming (Anon., 1988).

3.2.8 Verpakkingsmateriaal, onderhoud en herstelwerk


Verpakkingsmateriaal het 'n gelykmatige daling getoon tot 1985 waarna daar 'n toename in die prys plaasgevind het (kyk grafiek 3.10). Boere het al hoe meer oorgeskakel van die lewering van koring en mielies in sakke na massalewering (Gouws, 1971). Alhoewel verpakkingsmateriaal se invloed afgeneem het as kostekomponent kan dit nie geïgnoreer word nie.

**GRAFIEK 3.10 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGING
VAN VERPAKKINGSMATERIAAL VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**



Onderhoud en herstelwerk het 'n afname getoon totdat dit in 1983, maar veral in 1986 skerp gestyg het. Die tendens word in grafiek 3.11 grafies voorgestel.

**GRAFIEK 3.11 GEMIDDELDE PERSENTASIE PRYSSTYGING
VAN ONDERHOUD EN HERSTELWERK VANAF 1982/1983 TOT 1985/1986**



Wanneer 'n trekker aangekoop word, word die invloed wat onderhoud en herstelwerk in die toekoms op die koste van 'n boerderyonderneming gaan hê grotendeels buite rekening gelaat. Bogenoemde is veral van belang omdat trekkers nie meer so gereeld vervang word nie, of tweedehands aangekoop word. Wanneer 'n boer 'n berekening van herstel- en onderhoudskoste doen, moet die unieke faktore van daardie boerderybedryf in gedagte gehou word (Anon., 1987n).

Die persentasie variasie in die onderdelepryse tussen verskillende fabrikate word in tabel 3.3 aangetoon.

**TABEL 3.3 'N VERGELYKING VAN ONDERDELEPRYSE (OKTOBER 1987)
VAN ENKELE GEWILDE TREKKERFABRIKATE (2-WIEL-KRAG, 55-65 KW-KLAS)**

Fabrikaat en model	Oliefilter	Waaier- bande	Knal- demper	Brandstof- pomp	Koppelaar- plaat	Agterwiel- naaf	Totale pryspakket
	R	R	R	R	R	R	R
Case-Ih 685	15,35	11,57	129,50	48,53	272,80	387,46	865,21
Deutz-fahr 7207	11,00	8,60	70,00	74,00	460,00	400,00	1023,60
John Deere 2541	9,21	18,61	331,28	61,73	613,29	676,95	1711,07
Ford 5010	14,51	24,59	131,00	108,68	221,92	697,18	1197,52
Massey Ferguson 290	12,39	10,97	56,80	96,63	125,48	1105,51	1452,78
Same Mercury 85	38,72	33,06	270,53	175,79	622,75	871,04	2051,89
Verskil tussen laagste en hoogste pryse	320,4%	284,4%	483,2%	262,2%	396,3%	196,9%	137,2%

BRON: Anon., 1987n

3.2.9 Rentekoerse

Die insetkoste van akkerbougebiede het vir baie jare diesel en kunsmis as hoofkomponent gehad. Die laaste aantal jare het rentekoerse eers as gevolg van hoë rentekoerse en daarna as gevolg van hoë skuldverpligtinge die grootste insetkomponent geword (mnr A.S. van der Merwe, 1988).

Die effek van rentekoersveranderings op die koste van 'n vragmotor word in tabel 3.4 aangetoon. Hierdie tipe verandering het 'n groot invloed op 'n boerderyonderneming se vaste koste.

**TABEL 3.4 DIE INVLOED VAN JAARLIKSE RENTEKOERSSTYGINGS VAN VRAGMOTORS
OP DIE TOTALE KOSTE PER KILOMETER VANAF 1983 TOT 1986
VIR 7,5 - 10 TON EN 10 - 15 TON ONDERSKEIDELIK**


	1983	1984	1985	1986	1983	1984	1985	1986
Soort voertuig	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor	Vrag-motor
Aantal asse	2	2	2	2	3	3	3	3
Soort onderstel	vas	vas	vas	vas	vas	vas	vas	vas
Vragvermoë	7,5-10t	7,5-10t	7,5-10t	7,5-10t	tot 15t	tot 15t	tot 15t	tot 15t
Koopprys (R)	30,875	30,875	30,875	30,875	66,753	75,727	75,272	75,272
Minus reswaarde (R)	7,719	7,719	7,719	7,719	16,688	18,932	18,818	18,818
Minus bande (R)	2,076	2,076	2,076	2,076	6,080	6,080	6,080	6,080
Bedrag vir waarde-vermindering (R)	21,080	21,080	21,080	21,080	43,985	50,715	50,374	50,374
Jaarlikse vaste (staande) koste								
Waarde-vermindering @ 20% (R)	4,216	4,216	4,216	4,216	9,797	10,143	10,075	10,075
Huurkoopkoste @ 19% per jaar (R)	6,175	7,719	7,719	4,786	13,351	18,932	18,818	11,667
Lisensiegeld (R)	426	426	426	426	1762	1762	1762	1762
Versekering (R)	4853	4853	4853	4853	12018	12018	12018	12018
Bestuurderslone (R)	10701	10701	10701	10701	13376	13376	13376	13376
Aanboord-personeel: aantal	1	1	1	1	1	1	1	1
Aanboord-personeel: lone elk (R)	5736	5736	5736	5736	5736	5736	5736	5736
Vaste onderhoud (R)	2937	2937	2937	2937	5625	5625	5625	5625
Gebeurlikhede (R)	500	500	500	500	500	500	500	500
Administrasie (R)	4196	4196	4196	4196	8036	8036	8036	8036
Totale jaarlikse vaste (staande) koste (R)	39,741	41,285	41,285	38,352	69,202	76,129	75,947	68,796

	1983	1984	1985	1986	1983	1984	1985	1986
	Bedryfskoste (225 dae per jaar)							
Vaste koste per dag (R)	176,63	183,49	183,49	170,45	307,56	338,35	337,54	305,76
Kilometer per jaar (km)	45 000	45 000	45 000	45 000	67 500	67 500	67 500	67 500
Vaste koste per kilometer (R/km)	0,88	0,92	0,92	0,85	1,03	1,13	1,13	1,02
	Veranderlike bedryfskoste (R/km)							
Brandstofverbruik (1/100 km)	26	26	26	26	41	41	41	41
Brandstof (diesel 80c/l; petrol 83c/l)	0,21	0,21	0,21	0,21	0,33	0,33	0,33	0,33
Smering/olie (R/km)	0,01	0,01	0,01	0,01	0,02	0,02	0,02	0,02
Bande (versoling ingesluit R/km)	0,02	0,02	0,02	0,02	0,06	0,06	0,06	0,06
Wisselende onderhoud (R/km)	0,04	0,04	0,04	0,04	0,11	0,11	0,11	0,11
Totale veranderlike bedryfskoste (R/km)	0,28	0,28	0,28	0,28	0,52	0,52	0,52	0,52
Totale koste (vaste en veranderlike - R/km)	1,16	1,20	1,20	1,13	1,55	1,65	1,65	1,54


BRON: Eie

Rentekoerse het die hoogste vlakke in die geskiedenis bereik in 1984 en 1985 met 'n prima uitleenkoers van 25 persent (kyk grafiek 3.12). Verder het die fluktuasie in rentekoerse finansiële bestuur bemoeilik met rentekoerse wat tot tien keer verander het in 1983 en nege keer in 1985 (kyk grafiek 3.13).

GRAFIEK 3.12 HOOGSTE RENTEKOERS IN DIE JAAR



GRAFIEK 3.13 AANTAL KERE WAT RENTEKOERSE VERANDER HET




Wat die invloed van rentekoerse meer verontrustend maak, is dat die prima uitleenkoerse net van toepassing is vir prima kliënte vir finansiering. Sekere boere se vlak van rentekoerse was so hoog as dertig persent in 1984 en 1985. Die keuse van die regte finansiering het belangrik geword omdat die keuse daarvan die likiditeit van 'n boerdery direk beïnvloed. Verder kon die boerderysektor nie die hoër rentelas afwentel nie, omdat die pryse van koring en mielies beheer en vasgestel word (Anon., 1988h).

Die Landbank se uitleenkoerse aan die boerderysektor het toegeneem na aanbevelings deur die De Kock-kommissie se ondersoek na die monetêre stelsel van Suid-Afrika in 1985. Een persentasiepunt styging van rentekoerse beteken 'n toevoeging van ongeveer R133 miljoen tot die totale koste van die landbou (Anon., 1988h).

3.2.10 Wisselkoerse

Wisselkoerse het 'n geleidelike negatiewe tendens getoon, maar het die tendens versnel vanaf 1984 (kyk grafiek 3.14).

GRAFIEK 3.14 WISSELKOERS: RAND GEWEEGDE GEMIDDELDE




Die verswakking van die wisselkoers het nadelig ingewerk op die invoerpryse van kapitaalgoedere soos trekkeronderdele. Dit het egter voordelig ingewerk op die pryse wat op oorsese markte beding kon word vir koring en mielies.

3.2.11 Koringpryse

Koringpryse het vanaf 1984 geleidelik gestyg met byna geen prysaanpassing in 1983 nie en 'n bogemiddelde aanpassing in 1982.

GRAFIEK 3.15 JAARLIKSE PRYSSTYGINGS VAN KORING




Die persentasie prysaanpassings was egter laer as die aanpassings van vaste en veranderlike kostekomponente. Die invloed hiervan op die winsgewendheid van 'n besproeiingsboer langs die Oranjerivier word in hoofstuk vyf volledig uiteengesit.


3.2.12 Jaarlikse prysstygings van mielies

Mielies se prysaanpassings het skerp gewissel vanaf 1983 tot 1986, soos geïllustreer in grafiek 3.16 en 3.17. Hierdie fluktuasies maak vooruitbeplanning moeilik omdat die prys aangekondig word wanneer mielies gereed is om geoes te word. 'n Boer gaan die koste aan sonder dat hy weet wat die mielieprys gaan wees tydens oestyd.

GRAFIEK 3.16 JAARLIKSE PRYSSTYGINGS VAN WIT MIELIES



GRAFIEK 3.17 JAARLIKSE PRYSSTYGINGS VAN GEEL MIELIES




3.3 SAMEVATTING


Uit die voorafgaande gegewens kan duidelik waargeneem word dat komponentpryse versnel het vanaf 1984 terwyl veral koring se prys nie tred gehou het met die verandering in kostefaktore nie. Finansiële bestuur het essensieel geword veral in die lig van die hoë rentekoerse.

Die persentasie toename in prys van koring en mielies teenoor vaste koste- en veranderlike kostekomponente onderskeidelik word in grafiek 3.18 en 3.19 uiteengesit.

**GRAFIEK 3.18 VASTE KOSTEKOMPONENT PRYSSTYGINGS
TEENOR KORING EN MIELIES (UITGEDRUK AS PERSENTASIE)**



**GRAFIEK 3.19 VERANDERLIKE KOSTEKOMPONENT PRYSSTYGINGS
TEENOR KORING EN MIELIES (UITGEDRUK AS PERSENTASIE)**



Om grafiek 3.18 en 3.19 voor te berei, is geen waardes in volgorde van belangrikheid toegeken aan die komponente nie, maar is slegs gemiddelde persentasie veranderings aangetoon.

Uit die grafiek is dit duidelik dat slegs mielies tred gehou het met die toename in kostekomponente, maar dat koring se styging merkbaar laer was as dié van mielies. Ten spyte van die prysstygings in mielies was dit persentasiegewys laer of gelyk aan die toename in vaste kostekomponente se pryse. Hierdie tendens is verontrustend omdat die vaste kostekomponente die hoogste bydrae lewer tot die jaarlikse verpligtinge van 'n boerderyeenheid.

HOOFSTUK 4

TEORETIESE AGTERGROND

4.1 INLEIDING

Die opbrengs op kapitaal en winsgewendheid is van belang vir enige boerderyonderneming, maar nog meer vir die besproeiingsboer. Die hoë kapitale koste van besproeiingstoerusting plaas 'n groter bestuursverantwoordelikheid op die besproeiingsboer.

Om maksimale winsgewendheid na te streef, moet deurgaans die doelwit wees. Maksimale winsgewendheid op sy beurt sal die opbrengs op kapitaal bepaal wat 'n aanduiding is van die doeltreffendheid van die boerderyonderneming.

Maksimale winsgewendheid en 'n aanvaarbare opbrengs op kapitaal kan slegs bereik word deur gesonde finansiële bestuur en beheer.

Om die kapitaal wat in 'n boerderyonderneming aangewend word doeltreffend te bestuur, vereis grondige kennis van alle faktore wat wins beïnvloed asook doeltreffende rekordhouding. Dit is byvoorbeeld sinloos om kapitaal beter te probeer benut voordat die ander drie produksiefaktore - grond, arbeid en bestuur - nie ook op die beste manier ingespan word nie (De Swardt, 1982:1). Alhoewel die produksiefaktore belangrik is, word daaraan nie aandag gegee in hierdie hoofstuk nie behalwe sover as wat dit finansiële bestuur aangaan. Die doeltreffende aanwending van kapitaal stel besondere hoë eise aan die besproeiingsboer se kundigheid oor besproeiingspraktyke.


Elk van die aspekte wat in hierdie hoofstuk bespreek word, dra by tot die winsgewendheid en optimale opbrengs op kapitaal van 'n besproeiingsboerderyonderneming. Die hulpmiddele wat aangewend en toegepas kan word, word volledig bespreek aan die hand van 'n skematiese voorstelling.

4.2 MAKSIMALE WINGEWENDHEID EN OPTIMALE OPBRENGS OP KAPITAAL

Soos waargeneem kan word uit die skematiese voorstelling wat in figuur 4.1 gegee word, is dit moontlik om maksimale wingewendheid te bereik deur middel van finansiële beplanning en bestuur. So word optimale opbrengs op kapitaal verseker.

Wanneer aan al die faktore, soos in die skematiese voorstelling uiteengesit en in die hoofstuk bespreek word, aandag gegee word, sal 'n besproeiingsboerderyonderneming wingewend en tot die optimum bedryf kan word. Die persoonlike kwaliteite van die boer en sy ingesteldheid op die faktore wat bespreek gaan word, bly egter die deurslaggewende faktor aangesien dit slegs die boer is wat finansiële beplanning en bestuur kan toepas.

FIGUUR 4.1 DIE INVLOED VAN FINANSIËLE FAKTORE ONDERLING



Alhoewel die opbrengs op kapitaal die barometer is wat die doeltreffendheid van 'n boerderyonderneming aantoon, kan die doelwit nie bereik word indien maksimale winsgewendheid nie bereik word nie. As basis tot die optimale opbrengs op kapitaal en maksimale winsgewendheid is die behaling van optimale wins. Geen van die genoemde doelwitte kan bereik word indien gesonde finansiële beplanning en bestuur nie toegepas word nie.

Elk van die genoemde doelwitte en hulle onderafdelings word in hierdie hoofstuk volledig bespreek onder die volgende hoofde:

☐ **Finansiële bestuur en beplanning**

- finansiële bestuur,
- finansiële beplanning,
- omvang van 'n finansiële plan,
- vereistes van 'n finansiële plan,
- begrotings en begrotingsbeheer.

☐ **Optimale wins**

- die berekening van boerdery-inkomste,
- bepaling en vasstelling van vaste en veranderlike koste,
- die invloed van inflasie.

☐ **Winsgewendheid**

- winsmarges,
- bepaling van die gelykbreekpunt,
- winsgewendheidsverhoudings.

☐ **Opbrengs op kapitaal**

- bestuur van risiko's,
- finansiële en skuldverhoudings,
- finansiering en die finansiële hefboom,
- waardasie en die bepaling van die produktiewe waarde van kapitaal.

Indien al die genoemde finansiële doelwitte en hulpmiddele doeltreffend toegepas word, sal dit tot 'n gesonde en winsgewende boerderyonderneming lei wat op sy beurt tot die mees optimale opbrengs op kapitaal sal bydra.

4.3 FINANSIËLE BESTUUR EN BEPLANNING


Finansiële bestuur is van belang by die verbetering van winsgewendheid in 'n boerderyonderneming. Om finansiële bestuur suksesvol toe te pas, is volgehoue waaksaamheid nodig asook die regte ingesteldheid.

Volgens Van Reenen (1986:12) behels finansiële bestuur die volgende:

- Die waardering van bates by die aankoop en verkoop daarvan; ook by die waardering daarvan in die boerderyonderneming vir koste- en winsberekeningsdoeleindes.
- Investerings- en beleggingsalternatiewe waaruit gekies moet word ten opsigte van 'n sekere belegging.
- Die onttrekkingsbeleid van die boer (winsinvestering).
- Die finansiering van die boerderyonderneming waar dit gaan oor die verkryging van kapitaal deur middel van finansiering te wete eie of leningskapitaal: kort-, medium- of langtermynleningskapitaal teen sodanige koste dat dit aan die behoeftes van die boerderyonderneming voldoen en winsvooruitsigte verbeter.
- Finansiële ontleding, dit wil sê die beweging van kapitaal, finansiële verhoudingsgetalle, die verhouding tussen koste, opbrengs- en produksieomvang asook begrotings.
- Die beskerming van die boerderybates deur onder andere versekering, belasting- en boerderybeplanning en veral goeie investeringsbesluite.

Die boerderyonderneming is in volgehoue interaksie met die omgewing en sinvolle besluite moet in 'n dinamiese omgewing geneem word. Finansiële bestuur bestaan uit beplanning, implementering en beheer. Aangesien boerderybestuur 'n kontinue proses is, kan die bestuursproses deur middel van 'n diagram voorgestel word. Figuur 4.2 gee die diagram weer.

FIGUUR 4.2 DIE FINANSIËLE BESTUURSBEPANNINGSPROSES



BRON: Van Reenen, 1987:14

Wat ook in ag geneem moet word, is die eiesoortige risiko's verbonde aan 'n boerdery-onderneming. Alle risiko's moet in ag geneem en bestuur word.

4.4 FINANSIËLE BEPLANNING

Finansiële beplanning moet as 'n onderdeel van boerderybeplanning gesien word wat daarop toegespits is om die kapitale bydrae tot winsgewendheid te verhoog (De Swardt, 1982:3). Om die genoemde doelwit te bereik, moet finansiële beplanning 'n integrale deel van die totale boerderyonderneming vorm.

Die wyse waarop finansiële beplanning gedoen word, is nie van soveel belang as die resultate wat daarmee bereik word nie. Alhoewel genoemde stelling waar mag wees, is sekere finansiële beplanningstegnieke meer suksesvol bewys.

Die doeltreffende toepassing en verfyning van die tegnieke is die verantwoordelikheid van elke besproeiingsboer. Die suksesvolle toepassing van die tegnieke sal uiteraard tot die maksimalisering van die winsgewendheid van 'n boerderyonderneming bydra. Finansiële beplanning is 'n hulpmiddel om finansiële bestuur te vergemaklik.

Wanneer die basiese finansiële beplanningsbeginsels toegepas word, sal dit noodwendig tot die identifisering van leemtes lei en moet alternatiewe ondersoek word om die gewenste

doelwitte te bereik. Laasgenoemde kan bereik word indien die volgende in aanmerking geneem word by finansiële beplanning:

- die omvang van 'n finansiële plan,
- die vereistes van 'n finansiële plan,
- rekordhouding,
- begrotings en begrotingsbeheer,
- gebruikmaking van finansiële hulpmiddele om winsgewendheid en opbrengs op kapitaal te maksimaliseer.

(Finansiële beplanning moet 'n kontinue proses wees.)

4.4.1 Omvang van 'n finansiële plan

Die opstel van 'n weldeurdagte finansiële plan is van belang vir enige onderneming. Om sodanige plan op te stel, kan alle risiko's nie in ag geneem word nie. Alle redelike en bekende risiko's kan wel in ag geneem word. Om die risiko's te beheer, is makliker wanneer dit reeds ingebou is in 'n finansiële plan.

Oordeelkundige beplanning is van belang sodat alle faktore in ag geneem kan word. Die beplanning sal riglyne daarstel wat winsgewendheid sal verhoog. Die meting van resultate kan aangewend word in beplanning om doeltreffendheidsmaatstawwe daar te stel.

Finansiële beplanning is 'n veel breër begrip as wat algemeen aanvaar word. Afgesien van rekordhouding wat betrokke is, het die boer 'n funksie om te vervul ten opsigte van ontledings, beheer oor sy geldvoorraad, die verbetering van produktiwiteit van die kapitaalbronne, die aanvulling van bestaande kapitaalvoorraad, die doeltreffende aanwending van kapitaal en die verpligtinge teenoor die gesin.

'n Finansiële plan sal op so 'n wyse ontwerp moet word dat alle funksies met die minste inspanning en risiko, asook die grootste doeltreffendheid uitgevoer kan word om tot die maksimum wins te kan bydra (De Swardt, 1982:6).

Die gebruikmaking van spesialiste vir die opstel en ontleding van 'n finansiële plan kan nie onderskat word nie veral waar die boer nie oor genoegsame kundigheid beskik ten opsigte van risiko's, versekeringsbehoefte en kredietverskaffing deur koöperasies en handelsbanke nie (Anon., 1987f:29).

4.4.2 Vereistes van 'n finansiële plan

4.4.2.1 Berekeninge gebaseer op akkurate gegewens

Om maksimum wins te behaal, moet die boer oor die nodige kennis beskik om te weet watter faktore bygedra het tot die winsgewendheid. 'n Praktiese rekordstelsel wat alle onnodige reken- en skryfwerk sal voorkom, moet ontwerp word om die boer positief en met die minste moontlike moeite tot die beste resultate te lei (De Swardt, 1982:7).

4.4.2.2 Reëlmatige kontantvloei

Die byhou van rekeningkundige rekords sal daartoe bydra dat afwykings betyds opgespoor kan word voordat die tekort aan kapitaal nadelig kan inwerk op die kontantvloei. Sodanige byhou van finansiële rekords kan toekomstige kontantvloeitekorte vroegtydig uitwis en dan kan daaraan aandag gegee word om die tekorte betyds reg te stel.

4.4.2.3 Toekomsbeplanning

'n Finansiële plan moet voorsiening maak vir toekomsbeplanning van elke produksiefaktor wat benut word en elke ontwikkeling wat in die vooruitsig gestel word. Dit sal baie help om alle knelpunte wat vooruit in die produksieproses mag ontstaan as gevolg van kontantvloei probleme tot die minimum te beperk. Doeltreffende begrotings kan een van die nuttigste hulpmiddels in die beplanning van die boerderybedrywighede wees (De Swardt, 1982:8).

4.4.2.4 Die stel van duidelik meetbare doelwitte

Die produktiwiteit van kapitaal moet maksimaal aangewend word en duidelik meetbare doelwitte moet gestel word. Om dit te bereik, moet doeltreffendheid en winsnorme doeltreffend deur 'n boer aangewend word. Die finansiële plan moet so doeltreffend en goedkoop as moontlik wees en doeltreffend geïmplementeer kan word. 'n Grondige kennis van finansiële en produktiewe ekonomiese beginsels is nodig.

4.4.2.5 Maksimum wins na belasting moet nagestreef word

Belastingpligtigheid moet tot die minimum beperk word, maar sonder om enige belastingwetgewing te oortree. Finansiële beplanning moet rekening hou met alle vorme van

belasting wat die boerderyonderneming mag raak insluitende boedelbelasting en skenkingsbelasting.

4.4.3 Rekordhouding

Historiese gegewens is na bewering van weinig waarde en derhalwe is die op datum hou van rekords van weinig belang vir die boer. Hoe meer bekend is in die vorm van historiese gegewens veral waar die bestuurskundigheid van die boer van kardinale belang is, hoe beter kan beplanningsfoute uitgeskakel word. Boekhouding, rekordhouding, beplanning en begroting is 'n kontinue proses van finansiële bestuur en beheer en is van weinig waarde indien enige deel daarvan onvolledig is (Kerr, 1968:2).

Die hoofrede waarom rekords gehou en ontleed moet word is om te help vasstel wanneer, waar en waarom sekere doelwitte nie behaal is of onderpresteer is. Die berekening van potensiële verbeteringe op operasionele vlak sal die vorm aanneem van 'n reeks kort *voor* en *na* begrotings waarvan die meeste op bruto margevergelykings gegrond sal wees (Anon., 1988d:9). Die bruto marge word later in hierdie hoofstuk volledig bespreek onder 4.5.1.

Die gebruikmaking van 'n eenvoudige boekhoustelsel waaruit sinvolle afleidings gemaak kan word, is die basiese vereiste vir rekordhouding. Hierdie rekordhouding lê die fondament vir kontinue ontledings, vooruitbeplanning en begrotingsbeheer wat noodsaaklik is vir gesonde bestuursbeplanning.

Die ses belangrikste doelstellings van 'n rekordstelsel is die volgende:

- Om die netto wins van 'n boerdery as eenheid te bepaal en verdere afleidings te kan maak van faktore wat die winsgewendheid bepaal.
- Om die winsgewendheid en/of produksiekoste van elke individuele vertakking te bepaal.
- Om 'n studie en inventaris van gespesialiseerde aspekte soos verskillende soorte grond, implemente, masjinerie, besproeiingstelsels en bemestingsprogramme te maak.
- Om die belasbare inkomste van 'n boerderyonderneming te bepaal en alle vrae te beantwoord wat op die inkomstebelastingvorm gestel word (De Swardt, 1982).
- Die byhou van fisiese sowel as finansiële en produksierekords van die boerdery.
- Die verskaffing van inligting wanneer dit nodig is (Trustbank, 1985).

Dit dien geen doel om rekord te hou ter wille van die hou van rekords nie. Rekords behoort die resultate aan te toon wat benodig word vir belasting- en bestuursdoeleindes.

Die rekords ondersteun ook die aansoek om finansiering. Die doel is om voldoende inligting te hê vir die opstel van 'n boerderybestuurswaardering.

Die byhou van boerderyrekords is om finansiële rekords by te hou, maar ook om bestuursbesluite te neem. Derhalwe kan tussen finansiële en bestuursrekordhouding onderskei word.

4.4.3.1 Finansiële rekordhouding

Finansiële rekordhouding is 'n voorvereiste vir die byhou van 'n bestuursinligtingstelsel wat gebruik kan word om bestuursbesluite te neem.

Die finansiële rekordhouding bestaan uit die volgende (Marais, 1987:16):

□ Balansstaat

Die balansstaat toon onder meer die solvabiliteitsposisie van die onderneming aan, dit wil sê in watter mate die waarde van die bates die laste oorskry.

□ Inkomstestaat

Die inkomstestaat verskaf die inligting om die rentabiliteitsposisie te bereken aangesien hierdie staat die wins aantoon.

□ Vloei van fondse staat (kontantvloeistaat)

Hierdie staat toon die likiditeitsposisie aan. Die boer sal hieruit kan bepaal of die korttermynverpligtinge nagekom kan word of nie.

4.4.3.2 Bestuursrekordhouding


Wanneer finansiële rekordhouding sodanig aangepas word dat elke bedryfstak se gegewens aangetoon word sodat sinvolle bestuursbesluite met hierdie inligting geneem kan word, staan dit bekend as 'n bestuursinligting- of bestuursrekordstelsel.

Om die stelsel volledig te maak, moet die inligting vergelyk word met die begroting wat vir elk van die bedryfstakke opgestel is. Verder moet die inligting tegelykertyd ontleed word om sinvolle bestuursbesluite te kan neem. Die totale produksie-eenhede moet ook

ontleed word om die ontleding volledig te maak. ('n Voorbeeld van 'n bestuursopsomming is aangeheg as bylae 4.11).

Die nut van 'n bestuursrekordstelsel word in die skema in figuur 4.3 voorgestel.

FIGUUR 4.3 DIE NUT VAN 'N BOERDERYBESTUURSINLIGTINGSTELSEL



BRON: Van Reenen, 1987:14

Verdere faktore wat na vore getree het ter ondersteuning van die byhou en aanwending van boerderyrekords is die bekostigbaarheid van rekenaars en die invloed van inflasie.

(Inflasie het 'n invloed op reële wins en word bespreek onder 4.4.3.)

4.4.3.3 Die rekenaar as hulpmiddel

Die rekenaar het al hoe meer na vore getree as 'n nuttige hulpmiddel om die volgende redes (Cronje, 1987:24):

- die spoed waarmee getoonde inligting teruggevra kan word,
- die beskikbaarheid en korrektheid van die inligting,
- die spektrum van inligting wat in ag geneem kan word,
- die verwerkingspoed van inligting en die weergee daarvan in 'n korrekte vorm,
- die korrekte vertolking daarvan,
- die bekostigbaarheid van 'n rekenaar.

Die koste-effektiwiteit van 'n rekenaarsisteem moet die totale behoefte van die boerderyonderneming in ag neem alvorens 'n rekenaar aangekoop word.

4.4.4 Begrotings en begrotingsbeheer

Begrotings is die mees algemene metode wat gebruik word in finansiële beplanning. Begrotings is 'n hulpmiddel tot finansiële bestuur eerder as 'n metode (Barnard & Nix, 1982:314).

Die doel van begrotings is om vir die toekoms te beplan. Begrotings kan aangewend word vir 'n totale nuwe boerderybesigheidsplan of om die huidige finansiële beplanning gedeeltelik te verander (Sturrock, 1982:119).

Om die volle nut te verkry uit 'n begroting moet alle koste (vaste en veranderlike koste) in ag geneem word asook die tydstip waarop die inkomste realiseer en uitgawes aangegaan word.

Wanneer 'n besluit geneem moet word alvorens 'n sekere verandering aangebring word, is dit van nut om die volgende bepaling te doen:

VOOR	NA
Verhoogde koste	Verhoogde inkomste
plus	plus
Inkomste wat verbeur word	Kostebesparing

Wanneer die regterkantste syfer hoër is as die aan die linkerkant is dit die moeite werd om die verandering aan te bring.

BRON: Kerr, 1968:20


Die begroting word opgestel vanaf historiese inligting, vooruitskattings, aannames en persoonlike ervaring. Begrotings se grootste nut is dat die boer leer om te beplan. Die voordele van 'n goed deurdagte begroting is die volgende:

- Dit is goedkoper om foute op papier reg te stel as in die praktyk - dit spaar dus geld.

- Dit is 'n hulpmiddel vir die verkryging van krediet.
- 'n Begroting noodsaak die bestuurder om alle faktore in ag te neem by die opstel van 'n begroting.
- Werklike resultate kan voortdurend met die begroting vergelyk word.
- Die begroting kan aangepas en die veranderings geantisipeer word (Trustbank, 1985:52).
- Die verwagte wins wat gerealiseer wil word kan bepaal word en aanpassings kan vooraf aangebring word om die wins te verbeter (Giles, 1964:5).
- Voorsiening kan vooraf gemaak word vir enige moontlike afwyking soos prysstygings, inflasie en vervangingskoste (De Swardt, 1982:31).

Om 'n begroting doeltreffend op te stel moet die begroting opgestel word in eenhede wat gebruik word en verkry gaan word asook die uitdrukking daarvan in geldwaarde. Begrotings op sigself is van geen nut indien die resultate wat in die praktyk behaal word nie vergelyk word met die begroting nie. 'n Eenvoudige verduideliking word in figuur 4.4 uiteengesit.

FIGUUR 4.4 REKORDHOUDING VAN VERSKILLENDSE UITGAWES



BRON: Giles, 1964:22

In die volgende gedeelte word aandag gegee aan die ondergenoemde begrotings:

- gedeeltelike begroting,
- omvattende begroting,
- kapitale begroting,
- bedrywigheidsbegroting,
- kontantvloei-begroting,
- finansiële begroting,
- aankope, verkope en kostebegroting,
- gelykbreekbegroting,
- winsmargebegroting.

4.4.4.1 Gedeeltelike begroting

Om winsgewendheid van ('n) enkele bedryfstak(ke) te bepaal wat nie die hele boerdery omsluit nie word gebruik gemaak van 'n gedeeltelike begroting. In hierdie begroting word die verandering in netto bedryfsinkomste en die koste van die bepaalde bedryfstak(ke) gemeet. Hierdeur word die effek op die totale boerderyeenheid bepaal.

Die bepaling van vaste en veranderlike koste is van belang vir hierdie begroting. Slegs die inkomste en koste wat op die verandering van toepassing is, moet in ag geneem word. Die basiese toets of 'n koste in 'n begroting opgeneem behoort te word is die vraag of die verandering 'n effek op die inkomstestadiums sal hê. Die effektiwste vorm van gedeeltelike begroting is die bepaling van die effek wat die verandering teweeg gaan bring in die bruto winsmarge. (Bruto winsmarge word onder 4.5.1 verder bespreek.)

4.4.4.2 Omvattende begroting

'n Volledige begroting word gewoonlik opgestel wanneer die totale boerdery heeltemal gereorganiseer word soos om te skakel van suiwelboerdery na vleisboerdery of 'n nuwe boerdery aangekoop word. In sulke gevalle sal byna elke aspek van die boerdery geraak word en sal 'n omvattende verandering nodig wees (De Swardt, 1982:32). Wanneer 'n boer nie van begrotings gebruik gemaak het nie, sal 'n omvattende begroting opgestel moet word. Vaste koste sal uiteraard van groter belang wees by hierdie begroting as by die gedeeltelike begroting.

Die prosedure om 'n omvattende begroting op te stel behels die volgende (Barnard & Nix, 1982:317-321).

- Stel alle beskikbare bronne volgens 'n lys op en stel duidelike doelwitte. 'n Volledige bate en voorraadopname is nodig. Verder moet die doelwitte haalbaar wees.
- Bepaal die oesopbrengste en alle ander inkomste. Om die oesopbrengste te bepaal, moet eerstens bepaal word of alle bewerkbare grond bewerk word en alle bekombare water benut word. Waar grond nie ploegbaar is nie kan byvoorbeeld vee aangehou word. Daar moet bepaal word of die grondtipe nie dalk 'n hoër opbrengs met 'n ander soort gewas kan lewer nie.
- Bepaal die totale fisiese insette en uitsette. Die bepaling sluit die totale omvang van die veranderlike koste in.
- Bepaal faktor- en produkpryse, dit wil sê bereken die koste-opbrengs. Die uitset moet in eenhede sowel as in prys bepaal word. Hierdie bepaling is nodig om realisties te wees rakende die eenhede wat per hektaar behaal kan word.
- Bepaal die totale vaste koste. Eienaarsvergoeding moet by bepaling van die vaste koste nie buite rekening gelaat word nie omdat alle koste in berekening gebring moet word.
- Bereken die totale uitset en uitleg. 'n Begroting is van weinig nut indien dit nie aantoon wat die netto resultaat is en die uitleg maklik verstaanbaar en toegepas kan word nie.

Die volgende punte moet ook in ag geneem word by die opstel van 'n omvattende begroting (Warren, 1982:54).

- 'n Begroting moet nie net vir een jaar opgestel word nie. Sekere aannames van jaar een kan na jaar twee oorgedra word. Hierdie wyse van begroting word veral gebruik waar die effek oor meer as een jaar strek.
- Wees so akkuraat en realisties moontlik in die vooruitskattings.
- Vermoed te veel besonderhede aangesien dit eerder verwarring veroorsaak as duidelikheid.
- Werk volgens 'n program. (Voorbeelde van sodanige hulpmiddele word aangeheg as bylaes 4.1 en 4.2.)

4.4.4.3 Kapitale begroting

Kapitale begrotings word hoofsaaklik opgestel om die kapitale koste wat benodig gaan word te bepaal. Tydwaarde van geld en inflasie word nie in ag geneem nie; slegs die fondse wat vir kapitale uitbreidings benodig word en om te bepaal of dit die moeite werd is om die belegging te maak (Barnard & Nix, 1982:324).

'n Verdere aanwending van die kapitale begroting is om die fondse te bepaal wat benodig word vir kapitale uitbreidings om die onderneming aanvanklik winsgewend te maak. Wanneer van een tipe boerdery na 'n ander tipe oorgeskakel word, sal 'n kapitale begroting vir die nuwe kapitale uitgawes nodig wees. Vaste koste speel dus 'n kardinale rol in kapitale begrotings (Sturrock, 1984:129).

Bylae 4.3 is 'n voorbeeld van 'n kapitale begroting.

4.4.4.4 Bedrywigheidsbegroting

'n Bedrywigheidsbegroting is nodig aangesien dit bepaal of 'n plan uitvoerbaar is of nie, dit wil sê of die boer met sy beskikbare produksiefaktore en tyd 'n vooropgestelde plan kan uitvoer (De Swardt, 1982:32,33).

Die boer se aandag moet nie deur die nuwe of veranderende aktiwiteit so verdeel word dat daar nie aandag aan alle aspekte van die boerdery gegee kan word nie. 'n Verdere aspek is of die nodige kundigheid en arbeid beskikbaar is. Die tydsberekening vir elke aktiwiteit moet ook bepaal word.

4.4.4.5 Kontantvloei-begroting

Wanneer vaste paaieremente betaalbaar is asook ander vaste betalings gedoen moet word, is 'n kontantvloei-begroting van belang. Wanneer 'n drastiese verandering aan die boerdery aangebring word, moet 'n kontantvloei-begroting wat oor meer as een jaar strek opgestel word.

'n Kontantvloei-begroting word volgens Kerr (1968:22) om die volgende redes opgestel:

- om die punt van maksimum tekort aan korttermynfondse te bepaal,
- om te bepaal hoe betalings op aankope gemanipuleer kan word asook dié van verkope om eersgenoemde behoefte af te skaal,
- om as barometer te dien van die inkomste en uitgawes tydens die verloop van 'n projek.

Bylaes 4.4 en 4.5 word as voorbeelde van kontantvloei-begrotings aangeheg.

Die kontantvloei-begroting moet aangepas word wanneer sekere onsekerhede bekend word soos wanneer die nuwe mielieprys aangekondig word. Die kontantvloei-begroting gee nie

'n aanduiding van die winsgewendheid van die boerdery nie, maar is 'n weerspieëling van die kontant- en skuldposisie van die boerderyonderneming (Trustbank, 1985:54).

4.4.4.6 Finansiële begroting

Die kontantvloeibegroting tesame met die geprojekteerde skuldposisie staan bekend as die finansiële begroting (Trustbank, 1985:53).

Die finansiële begroting word gebruik om die totale finansiële posisie van die boer aan te toon. Dit word gedoen om die totale skuldposisie vir 'n jaar vorentoe te projekteer. Sodoende word die totale behoefte aan fondse bepaal. Die totale skuldposisie moet aangetoon word as kort-, medium en langtermynskuld.

Die finansiële begrotingstate behoort voorsiening te maak vir 'n *verwagte* sowel as 'n werklike kolom om sodoende 'n beeld oor jare op te bou wat noodsaaklik is vir toekomstige beplanning (Trustbank, 1985:57).

4.4.4.7 Aankope, verkope en kostebegroting

Die volgende uiteensetting geskied met die vergunning van *Midland Bestuurs- en Ontwikkelingsdienste*.

Om 'n duidelike maandelikse uiteensetting te hê om die bruto wins asook die netto wins voor belasting te vergelyk met historiese gegewens moet die totale inkomste asook uitgawes op 'n maandelikse basis vooruit begroot word. Om hierdie doelwit te bereik, moet 'n verkope, aankope en kostebegroting op 'n maandbasis opgestel word.

☐ Verkopebegroting

Hierdie begroting word opgedeel in elke boerderybedryfstak op 'n maandbasis en daarna vergelyk met historiese verkope. Daaruit kan duidelik gesien word of die aannames en groei in verkope realisties en haalbaar is. Daar moet absolute duidelikheid wees wanneer die verkope sal plaasvind en die geld ontvang gaan word omdat dit uiteindelik van belang is vir die opstel van die kontantvloeibegroting. Die verkope moet aangetoon word in die maand waarin dit plaasvind en nie wanneer dit ontvang word nie, want hierdeur kan 'n bepaling van die verwagte belastingaanspreeklikheid gedoen word.

□ Aankopebegroting

Die aankopebegroting sluit alle aankope in wat van toepassing is op die verkope. Die aankope moet ook aangetoon word in die maand waarin dit gaan plaasvind en dit moet vergelyk word met historiese gegewens om te bepaal of dit realisties opgestel is. Vir kontantvloei doeleindes moet die maand waarin die uitgawes betaal gaan word bekend wees. Die uitgawes rakende die aankope wat gaan plaasvind, moet in hierdie begroting aangetoon word aangesien hierdie inligting gebruik word om pro-forma finansiële state op te stel om die verwagte belastingaanspreeklikheid te bereken.

□ Kostebegroting

'n Kostebegroting moet realisties wees. Hierdie begroting word op 'n maandbasis opgestel en die kostes moet in die maand waarin dit gaan plaasvind, aangetoon word. Die maand waarin die werklike betaling gaan plaasvind moet ook bekend wees. Alle vaste en veranderlike koste moet hierin aangetoon word asook die nie-kontantvloeiuitgawes soos waardevermindering.

Bylaes 4.6 en 4.7 is voorbeelde van elk van die bespreekte begrotings.

4.4.4.8 Gelykbreekbegroting

Die bepaling van die gelykbreekpunt word onder 4.5.2 volledig bespreek. 'n Gelykbreekpunt word bereik wanneer die inkomste en die uitgawes gelyk is en geen wins gerealiseer het nie.

'n Gelykbreekbegroting word hoofsaaklik gebruik wanneer die boer nie seker is van 'n item nie en die risiko wil bepaal; veral wanneer van een gewas na 'n ander besproeiingsgewas oorgeskakel word. Wanneer daar vir elk van die gewasse 'n gelykbreekbegroting opgestel is, kan die risiko's met mekaar vergelyk word. Hierdie begroting is 'n rowwe vorm van begroting en moet nie as standaardbegroting gebruik word nie (Warren, 1982:233).

4.4.4.9 Winsmargebegroting

Om die winsgewendheid van verskillende gewasse te vergelyk, behoort bruto winsmargebegrotings vir elke gewas opgestel te word (vergelyk 4.5.1). Daar behoort vir 'n aanvaarbare maar realistiese wins begroot te word. Derhalwe is dit noodsaaklik om 'n begroting op te stel wat die bruto winsmarge sal aantoon.

Dit is nuttig om by die opstelling van 'n gelykbreekbegroting 'n minimum aanvaarbare wins, wat prysstygings en onvoorsiene uitgawes sal kan akkommodeer by te voeg bo en behalwe die vaste en veranderlike koste. Op hierdie wyse sal die risiko geminimaliseer word en realistiese besluite geneem kan word. Die toevoeging van die wins sal van gewas tot gewas verskil na gelang van die risikoprofiel van die boer.

'n Voorbeeld van 'n bruto winsmargebegroting word as bylae 4.1 aangeheg.

4.5 OPTIMALE WINS

4.5.1 Die berekening van boerdery-inkomste

Die gebruikmaking van begrotings asook die byhou van rekords het weinig waarde indien die rekords nie gereeld gebruik word om finansiële en/of bestuurstate op te stel nie. Om doeltreffende en sinvolle finansiële bestuur en beplanning te kan toepas moet tydige en resente gegewens beskikbaar wees.


Die tydigheid van gestruktureerde finansiële gegewens is direk verantwoordelik vir die kwaliteit van besluite wat geneem word en derhalwe vir die suksesvolle bestuur en bedryf van die boerderyonderneming. Effektiewe bestuur tesame met die beskikbaarheid van tydige finansiële gegewens bepaal die sukses van 'n boerderyonderneming.

Die belangrikste bedryfsaanwysers kan in die volgende sleutelemente ingedeel word (Moolman & Badenhorst, 1984:14):

- omset (inkomste),
- bruto marge,
- bedryfskoste,
- finansiering,
- personeel (organisering en aktivering).

Alle koste en inkomste word sodanig ingedeel dat sinvolle finansiële barometers waargeneem kan word. Die skematiese uiteensetting in figuur 4.5 dui die verskillende vlakke van inkomste en uitgawes aan wat sinvolle finansiële ontleding moontlik maak.

FIGUUR 4.5 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN BEREKENING VAN BOERDERY-INKOMSTE



BRON: Trustbank, 1985:35,36

4.5.2 Die bepaling en vasstelling van vaste en veranderlike koste

Die vasstelling van vaste en veranderlike koste is van belang vir die bepaling van die winsmarge en die opstel van begrotings.

☐ Vaste koste

Vaste koste is die koste wat aangegaan moet word of daar geproduseer of nie. Die koste bly konstant afgesien van die besluite wat geneem word met betrekking tot produksie (Trustbank, 1985:17).

☐ Veranderlike koste

Veranderlike koste bevat die volgende twee elemente (Warren, 1982:48):

- Die koste neig om direk te verander wanneer klein veranderings in die ondernemingsgrootte aangebring word.
- Die koste kan redelik maklik toegedeel word aan 'n spesifieke boerderybedryfstak.

Voorbeelde van vaste en veranderlike koste is die volgende:

VASTE KOSTE

Vaste arbeidskoste

Elektrisiteitskoste uitgesluit vir die besproeiingstelsel

Waardevermindering

Huur- of grondeienaarskoste

Eienaarsvergoeding

Rentebetalings uitgesluit op produksielening

Oorhoofse koste soos: rekenmeestersgelde, kantooruitgawes, versekering

VERANDERLIKE KOSTE

Mediese uitgawes

Alle fooie bv. koöperasie

Kunsmis

Saad

Gifstowwe

Seisoenarbeid


Kontrakkoste

Ander koste soos: baalkoste, vervoerkoste, brandstof, bemarkingskoste, rente op produksielening

BRON: Warren, 1982:49; Kerr, 1968:13

Die verskillende koste word in figuur 4.6 grafies voorgestel.

FIGUUR 4.6 GRAFIESE VOORSTELLING VAN KOSTE



BRON: Trustbank, 1985:18

Die vaste koste speel 'n belangrike rol by die bepaling van die omvang van 'n produksieplan. Die rede hiervoor is dat die vaste koste as eenhede toegedeel moet word aan elke boerderybedryfsvertakking. Om die belangrikheid hiervan te illustreer volg 'n voorbeeld.

BOER A

60 ha mielies word geplant

BOER B

120 ha mielies word geplant

Die vaste koste is R1 200 vir elk van die boere se trekkers afsonderlik wat insluit: lisensies, derdeparty, versekering, waardevermindering en rente. Elke boer se veranderlike koste is R15 per hektaar.

Die totale koste per eenheid oppervlakte is as volg:

Boer A (60 ha)

Vaste koste: R20/ha

Veranderlike koste: R15/ha

TOTALE KOSTE: R35/ha

Boer B (120 ha)

R10/ha


R15/ha

R25/ha

BRON: Trustbank, 1985:19,20

Die voorafgaande voorbeeld word in figuur 4.7 grafies voorgestel.

FIGUUR 4.7 VASTE KOSTE PER HEKTAAR



BRON: Trustbank, 1985:19

4.5.3 Inflasie

Inflasie is die styging van pryse in die algemeen wat tot die daling van die koopvermoë van 'n volkshuishouding lei (Warren, 1982:228).

Inflasie veroorsaak dat finansiële gegewens soos in 'n stel finansiële state weergegee word *verwring* word omdat historiese finansiële gegewens aangetoon word. Die nut en die *boodskap* van die finansiële inligting word afgewater. Alhoewel hoër winste gerealiseer word, is dit slegs *papierwinste* en beteken dit nie noodwendig dat die reële winste toeneem het nie.

Dit kan 'n verlaging in likiditeit tot gevolg hê omdat onder andere meer belasting betaal word asook hoër insetkoste betaal moet word. Die tendens kan tot gevolg hê dat van meer geleende fondse gebruik gemaak moet word.

Die mees aanvaarbare metode om die probleem sinvol te oorbrug is om grotendeels staat te maak op die bestuurstate ten opsigte van besluitneming en die finansiële state te gebruik vir belastingdoeleindes (Warren, 1982:228).

Inflasie kan teweegbring dat die netto wins in randwaarde toeneem terwyl die likiditeitsposisie van die boerderyonderneming verswak ten spyte van die toename in wins. Wanneer bestuursrekords gehou word, moet inflasie by alle besluitneming in ag geneem word en moet gegewens met inflasie aangepas word alvorens 'n finale besluit geneem word.

4.6 WINSGEWENDHEID

4.6.1 Winsmarges


Die berekening van die bruto winsmarges vir elke boerderybedryfstak is van belang vir die boer. Hierdeur kan bepaal word watter boerderybedryfstak winsgewend is. Om die bruto winsmarge korrek te bereken, moet die veranderlike koste vir elke boerderybedryfstak so akkuraat moontlik bepaal word en moet die koste direk toedeelbaar wees aan die betrokke bedryfstak (Barnard & Nix, 1982:45).

Die bruto winsmarge word as volg bereken:

Uitset van die bedryfstak - veranderlike koste = bruto winsmarge (Sturrock, 1982:121)

Die bruto winsmarge word in figuur 4.8 skematies voorgestel.

FIGUUR 4.8 BRUTO WINSMARGE



BRON: Trustbank, 1985:35

Die bruto winsmarge is nie ten volle wins nie, want die vaste koste moet nog afgetrek word om die netto besteebare inkomste te bepaal. Die bepaling van laasgenoemde is in figuur 4.5 gedoen.

Die boer moet in die berekening van die netto besteebare inkomste nie die ondernemersloon buite rekening laat nie. Die ondernemersloon verteenwoordig die vergoeding wat die boer uit die boerdery vir die bestuur van die boerderyonderneming ontvang (De Swardt, 1982:18).

Die berekening van die netto besteebare inkomste op 'n begrotingsbasis word as bylae 4.8 aangeheg.


Wanneer die bruto winsmarge vir elk van die boerderybedryfstakke bepaal word, is dit nodig dat die winsmarges vergelyk word met dié van ander boere asook met dié wat deur die Departement van Landboustatistiek daargestel word. Hierdie optrede is nodig om te verseker dat die bruto winsmarges wat bereken is wel realisties en haalbaar vir elke boerderybedryfstak is.

Die bepaling van die bruto winsmarge bly een van die belangrikste finansiële instrumente om 'n finansiële besluit te kan neem of voortgegaan moet word met 'n spesifieke boerderybedryfstak aldan nie. Verder is dit 'n handige hulpmiddel om 'n keuse te kan uitoefen tussen verskillende boerderybedryfstakke.

4.6.2 Bepaling van die gelykbreekpunt

'n Gelykbreekpunt word bereik waar die koste gelyk is aan die inkomste. Die duidelike klassifisering van die totale koste in vaste en veranderlike koste is van belang omdat die klassifisering 'n direkte invloed op die bepaling van die gelykbreekpunt het. Die gelykbreekpunt word in figuur 4.9 grafies voorgestel.

FIGUUR 4.9 GELYKBREEKPUNT



BRON: Trustbank, 1985:60

Wiskundig kan die gelykbreekpunt soos volg bepaal word:

$$\text{Gelykbreekpunt} = \frac{\text{Vaste koste per jaar}}{\text{Bruto inkomste per hektaar} - \text{Veranderlike koste per hektaar}}$$

Hierdie berekening toon die hoeveelheid hektaar aan wat bewerk moet word om gelyk te breek (Trustbank, 1985:60).

Om die gelykbreekpunt in randwaarde te bereken, word dit as volg bereken:

$$\text{Gelykbreekpunt} = \frac{\text{Vaste koste}}{1 - \frac{\text{Veranderlike koste}}{\text{Verkope}}} \quad \text{of} \quad \frac{\text{Vaste koste}}{\text{Bruto wins \%}}$$

BRON: Welsch, 1976:452

Die gebruikmaking van die gelykbreekpunt is een van die belangrikste hulpmiddele wat die boer kan gebruik om 'n keuse te maak tussen gewasse wat aangeplant kan word of om te bepaal of die boerderyonderneming winsgewend genoeg is om alle uitgawes te kan betaal. Die risiko vir 'n bepaalde gewas kan geredelik met behulp van die berekening van die gelykbreekpunt bepaal word.

Die besluit of die risiko aanvaarbaar is of nie word bepaal deur die risikoprofiel van 'n boer. Sommige boere sal 'n hoër risiko meer aanvaarbaar vind as andere (Warren, 1982:223).

4.6.3 Winsgewendheidsverhouding as hulpmiddel

Die byhou van rekords asook die opstel van begrotings en die bepaling van gelykbreekpunte is noodsaaklik vir die neem van sinvolle finansiële besluite. Om sinvol finansiël te kan beplan en bestuur, moet gegewens met mekaar vergelyk word oor 'n bepaalde periode hetsy maandeliks of kwartaalliks. Verder maak finansiële instellings van sekere winsgewendheidsverhouding gebruik om die effektiwiteit van 'n boerderyonderneming te bepaal. Hierdie verhoudings beskik oor eienskappe wat sinvolle besluitneming moontlik maak.

Slegs winsgewendheidsverhoudings word hier bespreek. (Finansiële verhoudings word onder 4.6.2 bespreek. Die beperkings van rekeningkundige verhoudings word in bylae 4.12 aangetoon. Sleutel finansiële verhoudings kom in bylae 4.14 voor. Winsgewendheidsverhoudings tesame met finansiële verhoudings staan bekend as rekeningkundige verhoudings.)

Vir die berekening van rekeningkundige verhoudings word hoofsaaklik van finansiële state gebruik gemaak.

Die volgende winsgewendheidsverhoudings word algemeen gebruik (Gouws, 1984:8):

$$\begin{aligned} 1(a) \quad \text{Bruto wins \%} &= \frac{\text{Bruto wins} \times 100}{\text{Verkope (omset)}} \\ &= x \% \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} 1(b) \quad \text{Netto wins \%} &= \frac{\text{Netto wins} \times 100}{\text{Verkope (omset)}} \\ &= y \% \end{aligned}$$

Die verhoudings toon die doeltreffendheid van 'n onderneming se bemarkingsaksie aan asook die doeltreffende hantering van pryse en verkope en die koste van goedere.

$$2. \text{ Opbrengs op totale bate} = \frac{\text{Netto inkomste voor belasting + rente}}{\text{Totale netto bates}} \times \frac{100}{1} \\ = a \%$$

Hierdie verhouding toon aan in watter mate die opbrengs op bates verander het (welvaartskepping).

$$3. \text{ Opbrengs op beleggings} = \frac{\text{Inkomste uit belegging}}{\text{Markwaarde van belegging}} \times \frac{100}{1} \\ = b \%$$

Die verandering op die opbrengs op 'n belegging kan met behulp van die verhouding vasgestel word.

Deur van die verhoudings gebruik te maak, kan bepaal word hoedanig die winsgewendheid van 'n boerderyonderneming verander het. Deur die verhoudings te bekom wat as norm dien vir 'n bepaalde tipe bedryfstak kan bepaal word of 'n boerderybedryfstak tot die optimum bedryf word en kan korrektiewe aksie betyds geneem word indien nodig.

4.7 OPBRENGS OP KAPITAAL

4.7.1 Bestuur van risiko's

Die boerderyonderneming is by uitnemendheid onderworpe aan risiko. Bo en behalwe besigheidsrisiko's is die boerderyonderneming ook onderworpe aan natuurrisiko's soos pes-siektes en natuurrampe. Daarom moet dié risiko's deurgaans in ag geneem word by enige besluitneming en moet dit in enige vooruitskatting so realisties as moontlik ingebou word by enige beplanningsproses(se).

Daar moet deurgaans gepoog word om die risiko te minimaliseer deur byvoorbeeld die uitneem van versekering. Verder kan hoogs riskante bedrywe vermy word.

Om risiko te bestuur, moet enige finansiële beplanning konserwatief aangepak word en moet realiteite nooit uit die oog verloor word nie. In die beplanningsproses moet negatiewe en positiewe afwykings ook ingebou word in die totale beplanningsproses om die invloed daarvan op die winsgewendheid en die opbrengs op kapitaal te bepaal. Hierdeur kan die riskantheid van 'n bepaalde boerderybedryfstak bepaal word. Die risikoprofiel van die boer is ook belangrik aangesien dit van boer tot boer verskil.

4.7.2 Finansiële en skuldverhoudings

Die likiditeit (die vermoë om uitgawes en skuld te kan betaal) en solvabiliteit (tot watter mate bates die laste oorskry) van 'n boerderyonderneming is van belang. Hierdie faktore is bepalend tot die opbrengs wat op kapitaal gerealiseer word.

4.7.2.1 Likiditeitsverhoudings

Die likiditeitsverhoudings is van belang wanneer bepaal word of die boerderyonderneming oor genoegsame fondse beskik om die verpligtinge na te kom.

Vervolgens word rekeningkundige verhoudings uiteengesit (Gouws, 1984:6-12).

☐ Bedryfsverhouding: bedryfsbates tot bedryfslaste

Die minimum norm vir die verhouding is 2:1

☐ Vuurproefverhouding: likiede bates tot bedryfslaste

Likiede bates = bedryfsbates min voorraad. Die minimum norm van die verhouding is 1:1.

Die genoemde twee verhoudings se tekortkoming is dat dit staties is en nie die boerderyonderneming se vermoë aantoon om die likiditeit deur fondse se invloei te genereer nie. Die volgende verhouding beskik oor hierdie vermoë.

☐ Likiditeitsindeks

$$\frac{\text{Kosprys van goedere verkoop}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$$

☐ Voorraadomset

$$\frac{\text{Kosprys van goedere verkoop}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$$

Die verhouding toon die aantal kere wat voorraad verhandel is in 'n jaar. Dit kan ook aangetoon word in die aantal dae. Die verhouding is van weinig nut vir die besproeiingsboerderyonderneming aangesien gewasse net sekere tye van die jaar geplant kan word en 'n bepaalde groeiperiode het.

☐ **Debiteure invorderingstermyn**

$$\frac{\text{Debiteure} \times 365}{\text{Kredietverkope}}$$

Die verhouding dui die aantal dae aan wat debiteure neem om te betaal. Die verhouding is ook van weinig nut vir die besproeiingsboer omdat gewasse teen kontant verkoop word of aan 'n koöperasie gelever word. Indien dit nie die geval is nie dan het die verhouding 'n bepaalde waarde.

☐ **Krediteure betalingstermyn**

$$\frac{\text{Krediteure} \times 365}{\text{Aankope}}$$

Hierdie verhouding dui die aantal dae aan wat deur die krediteure toegelaat word voordat vereffening van die krediet vereis word.

☐ **Bedryfsbatekontantindeks**

$$\frac{\text{Aantal dae verwyder van kontant} \times \text{bedrae}}{\text{Totale bedryfsbates}}$$

Die bedryfsbate word gemeet aan die aantal dae wat dit sal neem voordat alles in kontant realiseer.

☐ **Kontantvloei: skuld**

$$\frac{\text{Fondse uit die bedryf}}{\text{Totale skuld}} \times \frac{100}{1}$$

Hierdie verhouding dui aan in hoeverre die boerderyonderneming die skuld met behulp van die beskikbare kontantvloei kan betaal.

☐ **Rentedekking**

$$\frac{\text{Inkomste voor rente en belasting}}{\text{Rente betaal}}$$

Die rentedekkingsverhouding dui aan hoeveel keer die rente gedek kan word deur die inkomste.

4.7.2.2 Skuldverhoudings (struktuurverhoudings)

Hierdie verhoudings is van belang omdat dit die solvabiliteit van 'n boerderyonderneming aantoon.

☐ Skuld: eienaarsbelang

$$\frac{\text{Totale skuld}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$$

Hierdie verhouding toon die struktuur van die finansiering aan, dit wil sê die verhouding tussen fondse wat die boer belê het tot vreemde kapitaal.

☐ Langtermynlaste: Netto bedryfskapitaal

$$\frac{\text{Langtermynlaste}}{\text{Netto bedryfskapitaal}} \times \frac{100}{1}$$

☐ Hefboomindeks

$$\frac{\text{Opbrengs op kapitaal \%}}{\text{Opbrengs op bates \%}}$$

Die verhouding dui aan die wyse waarop die boerderyonderneming vreemde kapitaal aangewend het vir die verhoging van rentabiliteit van eie kapitaal.

Met die gebruikmaking van die rekeningkundige verhoudings tesame met die berekening van die gelykbreekpunt en begrotings kan sinvolle finansiële besluite geneem word wat finansiële bestuur kan vergemaklik.

4.7.3 Finansiering

4.7.3.1 Finansieringsvorme en finansiële hefboom

Finansiering van 'n boerderyonderneming verskil daarin dat boerdery 'n eiesoortige riskantheid het asook dat die terugbetalingsfrekwensie sodanig verskil dat dit kwartaalliks, sesmaandeliks of jaarliks geskied.

Die totale investering in 'n boerderyonderneming word geraak deur die finansiering wat beskikbaar is asook die verhouding van die finansiering tot die kapitaal en die produktiewe waarde van die plaas waarop geboer word. Noodwendig sal finansieringsbesluite geneem moet word met betrekking tot die optimale bedryf van die boerderyonderneming.

Die finansieringsbesluit behels die keuse van 'n finansieringsvorm, die bron van finansiering, die koste van kapitaal en die finansieringstermyn. Die kapitaalstruktuur van die onderneming bestaan uit verskillende finansieringsvorme. Namate die kapitaalstruktuur verander sal die koste van kapitaal ook verander. Elke finansieringsvorm het 'n spesifieke koste wat verskil van dié van ander finansieringsvorme. Die doelwit van 'n finansieringsbesluit moet die minimum koste van kapitaal wees by 'n optimale vreemde kapitaal tot eie kapitaal-verhouding wat uniek vir elke boerderyonderneming is (Theunissen, 1986:45).

Om die koste van eie kapitaal te bepaal is moeiliker as dié van vreemde kapitaal aangesien die koste van laasgenoemde duidelik aangetoon word. Dit sal foutief wees om eie kapitaal as *kosteloos* te beskou.

Die optimale benutting van vreemde kapitaal kan die *finansiële hefboom* voordelig verbeter, maar die koste van eie kapitaal moet betekenisvol hoër wees as dié van vreemde kapitaal. Die rentabiliteit en derhalwe netto wins kan verhoog word indien vreemde kapitaal optimaal benut word. Die gebruik van te veel vreemde kapitaal sal die teenoorgestelde uitwerking hê.

Wanneer die koste van eie kapitaal bepaal word, moet inflasie en belasting nie uit die oog verloor word nie, maar moet onthou word dat die koste van eie kapitaal nie van belasting afgetrek kan word nie, alhoewel die koste van vreemde kapitaal wel afgetrek kan word. Hierdie aspekte verlaag dus die koste van vreemde kapitaal as die boerdery-onderneming in 'n winssituasie is, so nie vergroot die verliesposisie.

Wat by die benutting van vreemde kapitaal in gedagte gehou moet word, is die rentekoers wat betaal word. Wanneer die finansiële hefboom ongunstig raak en/of die risikoprofiel nadelig beïnvloed word, sal die koste van vreemde kapitaal styg na gelang die rentekoers toeneem.

Daar is verskillende finansieringsvorme vir investering beskikbaar. Die besluit om 'n spesifieke finansieringsvorm of 'n kombinasie daarvan aan te wend, word deur die koste van die finansieringsvorm beïnvloed. Die koste van kapitaal is dus 'n bepalende faktor by die neem van 'n finansieringsbesluit (Theunissen, 1986:45).

'n Verdere faktor van eie kapitaal bo en behalwe die invloed van inflasie en belasting is dat dit risikodraend is. Dit is 'n verdere rede waarom eie kapitaal nie *kosteloos* kan wees nie.

Die korrekte aanwending van vreemde kapitaal berus op die volgende vrae (Trustbank, 1986:4):

- Word die finansiële weerstandkragtigheidsbeleid van die boerderyonderneming in gevaar gestel (likiditeitshandhawing)?
- Is dit voordelig vir die boerderyonderneming?

Likiditeitshandhawing berus op die volgende (Trustbank, 1986:4):

- 'n gesonde verhouding tussen vreemde en eie kapitaal,
- die regte soort finansiering in terme van die boer se behoeftes.

'n Positiewe en negatiewe finansiële hefboom word onderskeidelik in tabel 4.1 en 4.2 uiteengesit.

TABEL 4.1 POSITIEWE FINANSIËLE HEFBOOM

	A	B	C	D
Eie kapitaal	500 000	500 000	500 000	500 000
Leningskapitaal @ 10% p.j.	-	100 000	200 000	300 000
Totale kapitaal	500 000	600 000	700 000	800 000
NBI @ R15/R100 totale kapitaal	75 000	90 000	105 000	120 000
Rente op leningskapitaal	-	10 000	20 000	30 000
Boerderywins	75 000	80 000	85 000	90 000
B.W./R100 eie kapitaal	R15	R16	R17	R18

BRON: Trustbank, 1986:7

TABEL 4.2 NEGATIEWE FINANSIËLE HEFBOOM

	A	B	C	D
Eie kapitaal	500 000	500 000	500 000	500 000
Leningskapitaal @ 10% p.j.	-	100 000	200 000	300 000
Totale kapitaal	500 000	600 000	700 000	800 000
NBI @ R15/R100 totale kapitaal	30 000	36 000	42 000	48 000
Rente op leningskapitaal	-	10 000	20 000	30 000
Boerderywins	30 000	26 000	22 000	18 000
B.W./R100 eie kapitaal	R6	R5,20	R4,40	R3,60

BRON: Trustbank, 1986:7

Baie probleme kan uitgeskakel word as die boer homself op die hoogte stel van die wye verskeidenheid finansieringsvorme wat banke aanbied en ook die volgende goue reël toepas, naamlik dat finansiering wat aangegaan word, met die periode van terugbetaling en die lewensduur van die bate moet korrespondeer. Tabel 4.3 gee 'n samevatting hiervan.

TABEL 4.3 KORREKTE FINANSIERINGSTERMYN

FINANSIERINGS- TERMYN	TERUGBETALINGS- TERMYN	TIPE BATE
Korttermyn	0 - 12 maande	Bedryfskapitaal, voorraad, debiteure, ens.
Mediumtermyn	1 - 5 jaar	Roerende bates, implemente, voertuie en toerusting
Langtermyn	5 - 20 jaar	Grond, geboue en verbeterings

BRON: Scholtz, 1986:48

Vervolgens word die verskillende finansieringsvorme bespreek volgens Boland Bank (Paarl) se bestuurder van finansiering (Scholtz, 1986:48).

4.7.3.1.1 Korttermynfinansiering

Korttermynfinansiering word hoofsaaklik by 'n handelsbank en by die koöperasie gereël. Die handelsbank stel die fondse beskikbaar met behulp van 'n oortrokke rekening. Die koöperasie stel die finansiering beskikbaar in die vorm van 'n produksielening.

Die fasiliteite moet so gereël word dat voorsiening gemaak word vir bedryfsbehoefte en dat dit uit bedryfsfondse terugbetaal kan word. Finansieringskoste word gewoonlik maandeliks gehef.

'n Verdere vorm van korttermynfinansiering is die gebruik van aksepte en wissels.

'n Bankaksep is binne 90 dae terugbetaalbaar. 'n Bankwissel word deur 'n houer op 'n bank getrek en deur die bank geaksepteer. Bankaksepte word gewoonlik in eenhede van R50 000 tot R100 000 uitgereik. Die effektiewe koers is gewoonlik effens laer as die prima uitleenkoers, maar finansieringskoste is vooruit betaalbaar. Na 90 dae kan die aksep betaal word of kan die aksie herhaal word. Die fasiliteite kan ook jaarliks hersienbaar wees, maar kan net gebruik word om roerende goedere te finansier. Hierdie finansieringsvorm is van groot nut veral wanneer rentekoerse in 'n stygende tendens is. Die fasiliteit is net vir prima leners beskikbaar.

4.7.3.1.2 Mediumtermynfinansiering

Mediumtermynfinansiering is ideaal vir die finansiering van goedere van 'n kapitale aard. Dit kan ook met omsigtigheid gebruik word om in bedryfskapitaalbehoefte te voorsien, veral wanneer die onderneming in 'n uitbreidingsfase is. Die tipe finansiering is 'n ideale buffer tussen lang- en korttermynlenings.

Huurkoop en verhuring is uitsluitlik van toepassing op die koop van roerende bates van 'n kapitale aard. Die essensie van 'n huurkoop is dat die ware aan die bank behoort totdat die laaste paalement betaal is. By 'n huurtransaksie bly die artikel die eiendom van die bank tot aan die einde van die huurtermyn waarna die huurder die keuse het om die artikel te koop of die huur te verleng.

Indien die artikel gekoop word, is AVB betaalbaar. Die bank kan die artikel hou as volle sekuriteit, maar kan aandrang op addisionele sekuriteit indien die artikel 'n *hoë risiko* artikel is ten opsigte van herverkoop of waar die kliënt se kontantvloeï nie heeltemal bo verdenking is nie. Die leningskoers is gewoonlik 'n paar persentasiepunte bo die prima handelsbankkoers.

Deelnemingsverbande is by sommige banke beskikbaar, maar hoofsaaklik aan nywerhede en sakeondernemings. By hierdie leningstipe word geld geleen vir vyf jaar met maandelikse rentebetalings en die volle kapitaal na 60 maande. Na sestig maande kan onderhandel word om die periode te verleng of die kapitaal kan volgens 'n onderhandelde betalingsplan gedelg word. Die leningskoers is gewoonlik laer as die prima oortrekkingskoers. Kontantvloei en goeie sekuriteit word hoog geag deur banke by oorweging van dié finansieringsvorm. Slegs prima lenings in die landbousektor met gereelde maandelikse inkomste sal hiervoor kwalifiseer.

Finansiering kan ook geskied deur middel van buitelandse lenings. Rentekoerse op sodanige lenings asook wisselkoerse moet in ag geneem word. Die lening kan deur 'n handelsbank gereël word. Sodanige lening mag slegs vir bedryfskapitaalbehoefte aangegaan word aangesien sertifisering deur die Reserwebank vereis word. Hierdie tipe lening is egter riskant en moet as sodanig beskou word.

4.7.3.13 Langtermynlenings

Verbandlenings is die mees geskikte vorm van finansiering by die koop van grond en verbeterings daarop. Terugbetalingstermyne kan van 10 tot 20 jaar wissel. Die bank waardeur die eiendom teen sekuriteitswaardasie en stel dan 'n bedrag gelykstaande aan 50 persent tot 75 persent van waardasie beskikbaar aan die kliënt afhangende van die tipe eiendom en die bedryfsektor van die lener. Die rentekoers is gewoonlik 'n paar persent hoër as die prima oortrekkingskoers.

Langtermynlenings of te wel verbandlenings word deur die volgende instansies beskikbaar gestel (Trustbank, 1985:75):

□ Landbank

Die Landbank voorsien hoofsaaklik lenings aan boere en landboukoöperasies deur die volgende tipe lenings:

- **Langtermynlenings**
 - ▣ Verbandlenings: lenings is beskikbaar aan boere vir die bou van dipbakke en voerkuile, die oprigting van heinings vir die verkryging van watervoorraad, vir meganiese toestelle vir die pomp van water en die voorsiening en toevoer van elektrisiteit.
- **Mediumtermynlenings**
- **Korttermynlenings**

☐ **Bankinstellings**

☐ **Finansieringsmaatskappye**

Die termyn van die verbandlenings kan van 15 tot 30 jaar wissel.

☐ **Privaat persone**

Hierdie soort finansiering is gewoonlik van familie en kan kort-, medium- en langtermyn van aard wees. Die voordeel is dat die boer met toeskietlike geldgewers te doen het wat in 'n tyd van nood van groot waarde kan wees. Finansiering deur privaat persone kan riskant wees.

☐ **Ander finansiële instellings soos trustmaatskappye en eksekuteurkamers**

Lenings word toegestaan waar borgaktes, sedering van versekeringspolisse, oeste, erfporsies en vaste deposito's as sekuriteit geneem word.

☐ **Landboukredietraad**

Lenings is beskikbaar vir arbeidsbehuising, grondbewaringswerke en waterwerke, en is oor 'n lang termyn terugbetaalbaar.

Dit is noodsaaklik vir enige boer om 'n goeie kredietrekord by 'n finansiële instelling op te bou. Dit kan slegs gedoen word deur noukeurige beplanning te doen deur middel van kontantvloeiprojeksies. Die belangrikste is dat die boerdery volgens die projeksies bestuur moet word (Scholtz, 1986:49).

Likiditeit of die beskikbaarheid van kontant moet 'n belangrike element vorm van enige boer se beplanning. Daar moet sorg gedra word dat daar altyd 'n fyn balans tussen korttermyn- en langtermynbeleggings bestaan (Van Greunen, 1988:14).

4.7.3.2 Die optimale finansieringstruktuur van 'n boerderyonderneming

Die optimale finansieringstruktuur word deur talryke faktore beïnvloed en is dikwels buite die beheer van die boer. Hierdie faktore beïnvloed die groei en oorlewingsvermoë van die boer oor die kort- en langtermyn.

Wanneer 'n boer na die finansiële struktuur van sy onderneming kyk, gee hy aandag aan die volgende faktore (Louw, 1986:17):

- die omvang van vreemde kapitaal (skuld) in verhouding tot bates (solvabiliteit),
- die vermoë om die skuld terug te betaal (kontantvloei of likiditeit),
- die samestelling van die skuldas, met ander woorde die samestelling van kort-, medium- en langtermynskuld,
- die mate waartoe onkoste van jaar tot jaar wissel sowel as die omvang van die jaarlikse vaste verpligtinge,
- die wisseling in rentekoersvlakke (koste van geleende geld).

Wat belangrik is, is dat die verdienste wat uit geleende fondse verkry word hoër moet wees as wat die geleende geld kos anders word 'n negatiewe hefboom verkry met negatiewe kontantvloei-implikasies wat eroderend op kapitaal inwerk. Die omgekeerde is egter waar indien 'n positiewe hefboom verkry word.

Die boer moet ten minste die renteverpligtinge nakom om nie 'n negatiewe hefboom te verkry nie. Hoe groter en gereelder die wisseling in boerdery-inkomste en hoe hoër die rentekoers is, hoe laer is die skuldasvlakke wat die boer kan handhaaf. Foutiewe finansiering kan ook bydra tot 'n negatiewe finansiële hefboom deurdat verpligtinge te hoog is om na te kom indien die terugbetalingstermyn te kort is vir die bate wat aangekoop is. 'n Boer moet spesifiek beplan watter hefboomvlakke (skuld: eie kapitaal) oor die kort- en langtermyn aanvaarbaar is en die wisseling in rentekoerse en inkomste moet duidelik in ag geneem word.

Teoreties is die optimale finansiële struktuur 'n vlak waar 'n boer (wat in 'n bestaande eenheidsgrootte wil handhaaf) oor die kort- sowel as die langtermyn sy skuldverpligtinge gereeld kan nakom deur geleende fondse winsgewend in die boerderyonderneming aan te wend deur onder meer die regte kombinasie van kort-, medium- en langtermynkrediet te verkry (Louw, 1986:17).

Die optimale vlak sal verskil van boerdery tot boerdery, boerderytype tot boerderytype en van streek tot streek. Wat wel belangrik is, is dat hierdie vlakke gereeld in oënskou geneem moet word. 'n Konserwatiewe finansieringsbeleid sal meebring dat die boer 'n positiewe hefboom sal behou mits die strukturering van kort-, medium- en langtermynfinansiering nie druk plaas op die boer se kontantvloei nie.


**TABEL 4.4 EFFEK VAN RENTEKOERSE OP DIE BATE:
LASTEVERHOUDING VAN DIE ONDERNEMING BY KONSTANTE INKOMSTE**

Rentekoers	25%	20%	15%	10%
Bates (R)	600 000	600 000	600 000	600 000
Laste (R)	224 000	265 000	320 000	410 000
Bate/laste	2,7	2,26	1,875	1,5
Inkomste (R)	240 000	240 000	240 000	240 000
Kontantuitgawes (R)	144 000	144 000	144 000	144 000
	96 000	96 000	96 000	96 000
Rente (R)	56 000	53 000	48 000	41 000
Persoonlike uitgawes (R)	15 000	15 000	15 000	15 000
Kapitaalverpligtinge (R)	25 000	28 000	33 000	38 000

BRON: Louw, 1986:19

Die gegewens van die tabel word in figuur 4.10 grafies voorgestel.

**FIGUUR 4.10 EFFEK VAN RENTEKOERSE OP DIE BATE:
LASTEVERHOUDING VAN DIE ONDERNEMING BY KONSTANTE INKOMSTE**



BRON: Louw, 1986:19

Uit figuur 4.10 blyk dit dat hoe hoër die rentekoerse en wisseling in vlakke van inkomste is, hoe laer moet die vlak van laste tot bates wees (voorgestel as AE in figuur 4.10). 'n Kombinasie van wisselende inkomste en hoë rentekoerse sal net groter solvabiliteit vereis (voorgestel as CD in figuur 4.10).

Deur van die genoemde tegniek gebruik te maak, kan die *ideale* verhouding van bates tot laste vasgestel word en so in die boerdery geakkommodeer word. Dit impliseer dat van minder vreemde fondse gebruik gemaak moet word deur goeie finansiële beheer en dissipline in die boerderyonderneming toe te pas. Die effek van wisselende inkomste word in tabel 4.5 aangedui.

TABEL 4.5 KONTANT BESKIKBAAR BY WISSELENDE INKOMSTE

	Swak	Normaal	Goed	Gewegde gemiddelde kontantvloei
Kontantinkomste (R)	144 000	240 000	300 000	
Kontantuitgawes (R)	180 000	180 000	180 000	
Rente (R)	17 000	17 000	17 000	
	(53 000)	43 000	103 000	
Persoonlike uitgawes (R)	15 000	15 000	15 000	
Kapitaalverpligtinge (R)	25 000	25 000	25 000	
Kontant beskikbaar (R)	(93 000)	3 000	63 000	
Waarskynlikheid van die voorkoms van 'n goeie, normale of swak jaar	0,2	0,5	0,3	R1 500*
Waarskynlikheid van die voorkoms van so 'n jaar	0,4	0,4	0,2	R23 400

$$* (0,2 \times R93\,000) + (0,5 \times R3\,000) + (0,3 \times R63\,000) = R1\,500$$

BRON: Louw, 1986:17

Hoe groter die relatiewe wisseling in inkomste, hoe sensitiewer raak 'n optimum verhouding van bates tot laste in 'n boerdery. Om die verhouding te bestuur, is geskikte finansiële bestuursinligting noodsaaklik, aangesien besluitneming en beplanning daardeur vergemaklik

word. 'n Boer se beplanning van inkomste moet dus wees asof dit 'n swak jaar gaan wees en uitgawes asof dit 'n goeie jaar gaan wees.

'n Boer moet poog om 'n kredietreserwe op te bou. So 'n kontantkussing sal die boer se plooibaarheid verhoog, beweegruimte gee en finansiële risiko's verlaag (Louw, 1986:41).

4.7.3.3 Aansoek om finansiering

Die rentekoers wat deur 'n kliënt beding word, word grotendeels deur die riskantheid van die kliënt bepaal. 'n Finansiële instelling neem die volgende ses beginsels in ag by die oorweging van finansiering (De Jong, 1986:47):

- Wat is die kliënt se eie bydrae tot die finansiering?
- Wat is die bank se ondervinding met die kliënt?
- Wat is die bedrag wat die kliënt wil leen?
- Wat is die doel van die finansiering?
- Wat is die terugbetaalvermoë van die kliënt?
- Indien die kliënt nie by magte sou wees om die finansiering te diens nie wat is die finansiële instelling se verhaalbaarheid van die finansiering gelewer?

Die sekuriteit wat aangebied word, moet relevant wees en van waarde wees. Alhoewel sekuriteit vir die finansiële instelling belangrik is, is likiditeit of terugbetalingsvermoë belangriker.

Die kwaliteit van die boer se integriteit is vir die finansiële instelling belangrik asook die kliënt se kundigheid en saaklike aanvaarbaarheid. Indien 'n boer van spesialiskennis gebruik maak, sal dit die boer bevoordeel. 'n Verdere faktor wat van deurslaggewende belang is, is hoe eerlik die kliënt is rakende sy finansiële aangeleenthede. Die bank sal waarde heg aan 'n volledige curriculum vitae asook 'n volledig besigheidsplan wat insluit 'n volledige begroting. Wanneer van hierdie begroting afgewyk word, sal dit die finansiële instelling-kliëntverhouding verbeter indien die kliënt 'n gewysigde begroting indien.

Hoe beter die boer se motivering vir die finansiering en die bestuurseffektiwiteit van die boer is, hoe makliker sal die aansoek om finansiering slaag.

4.7.4 Waardasie en bepaling van produktiewe waarde van kapitaal

Die opstel van 'n batelys vir 'n boerderyonderneming is noodsaaklik om 'n waardebepaling van die verskillende bates te doen. Die bates kan in die volgende kategorieë ingedeel

word: grond, vaste verbeterings, spesiale veeljarige gewasse, voertuie, implemente, voorraad op hande en lewendehawe (Grove, 1987:41).

Vir die doel van hierdie afdeling word aan die volgende aspekte aandag gegee:

- grondwaarde,
- vaste verbeteringswaarde,
- voertuig-, masjinerie en implementwaarde.


4.7.4.1 Grondwaarde

Om gesonde finansiële beplanning te kan doen, moet daar 'n billike waarde bestaan tussen die koopprys en potensiaalwaarde van die boerdery. Die produksievermoë van die grond moet so wees dat die koopprys betaal kan word en 'n billike lewenspeil gehandhaaf kan word. Die waarde so vermeld is die produktiewe waarde of potensiaalwaarde (De Swardt, 1982:39).

Daar het weens inflasie en die kapitaalkragtigheid van sommige boere 'n gaping tussen die markwaarde en die produktiewe waarde van grond ontstaan. Hierdie hoër markwaarde as produktiewe waarde het die kredietwaardigheid van boere kunsmatig verhoog (Basson, 1983:120).

'n Boer is dus bereid om die verskil tussen die produktiewe en markwaarde te betaal in die hoop dat daar in die langtermyn daarvoor vergoed sal word (De Swardt, 1982:39).

FIGUUR 4.11 VERGELYKING VAN GROND SE MARK- EN PRODUKTIEWE WAARDE



BRON: Basson, 1987:8

Daar moet noukeurig aandag gegee word aan die produktiewe en markwaarde van grond aangesien die grond gewoonlik belas is met 'n langtermynverband. (Langtermynfinansiering sal in die toekoms veral met hoë rentekoerse die kern van finansiële beplanning vorm.)

Grondwaarde moet nie net beoordeel word in terme van die besproeibaarheid en bewerkbaarheid nie, want ontwikkelings- en produksiekoste sowel as verwagte produkpryse en inkomste moet daarteenoor gestel word. Die moontlikheid van twee oeste per jaar moet nie buite rekening gelaat word nie (De Swardt, 1982:40). Die beskikbaarheid van water is belangrik in die bepaling van besproeiingsgrond se waarde. Die geleidelike ontwikkelings van 'n besproeiingsplaas moet ook verdiskonteer word by die bepaling van die grondwaarde. Indien dit nie in ag geneem word nie, sal dit tot ernstige kontantvloei probleme lei aangesien die rentelas te hoog sal wees.

Die opbrengs wat uit die grond verkry wil word, sal van die unieke omstandighede van elke individuele boer afhang. Om die waarde van die grond hiervolgens te bepaal, word die gekapitaliseerde grondwaardasiemetode genoem wat soos volg bereken word:

“As 'n verdienste-opbrengs van 20 persent verlang word en die grond se bydrae tot 'n belegging is R90 per hektaar, beteken dit dat die R90 net 20 persent van die totale belegging sal wees wat gemaak sal word. Daarom sal 100 persent van die belegging soos volg wees:

$$\frac{100}{20} \times \frac{90}{1} = R450$$

As die netto boerdery-inkomste R90 is en 'n aansuiwering van R30 se rente op 'n kapitaalbelegging in vaste verbeterings, masjinerie en gereedskap gemaak word, sal die gekapitaliseerde grondwaarde wat aan 'n opbrengs van 10 persent voldoen, soos volg wees:

$$\frac{100}{10} \times \frac{90}{1} = R900$$

In eersgenoemde geval sal 20 persent inkomste kapitalisasie op 'n kapitaalbelegging in grond verdien word as R450 per hektaar betaal word. In die tweede voorbeeld sal 10 persent verdien word as R900 per hektaar betaal word." (De Swardt, 1982:42.)

Volgens verskeie ingeligte bronne is die inkomste kapitalisasie vier tot vyf persent in die totale landbousektor (Trustbank, 1985:117). Die inkomste kapitalisasie is hoër as vyf persent vir die besproeiingsboerderysektor.

Die formule om die produktiewe grondwaarde te bepaal, is (Trustbank, 1985:117):

$$\frac{\text{Netto boerderyinkomste} - \text{ondernemersloon}}{\text{Kapitalisasiekoers}} = \text{plaaswaarde}$$

4.7.4.2 Vaste verbeteringswaarde

Die algemene metode wat gebruik word om die waarde van vaste verbeterings te bepaal, is die kosprys min die waardevermindering waar die kosprys bekend is. Alternatiewelik kan die vervangingswaarde geneem word min die opgehoopte waardevermindering (Grove, 1987:144).

4.7.4.3 Voertuig-, masjinerie en implementwaarde

Normaalweg word die kosprys minus die waardevermindering as die norm vir waardasie geneem. Waar die kosprys nie bekend is nie kan die vervangingswaarde minus die opgehoopte waardevermindering geneem word (Grove, 1987:144).

Die waardevermindering kan bereken word volgens die volgende metodes (Grove, 1987:144):

☐ Reguitlynige metode (die metode word die algemeenste gebruik)

$$\text{Waardevermindering vir die jaar} = \frac{\text{Kosprys (vervangingswaarde)} - \text{Skrotwaarde (herstelwaarde)}}{\text{Lewensverwagting in jare}}$$

Die waardevermindering bly konstant, maar die bates neig om aanvanklik meer in waarde te verminder as in later jare.

☐ Afnemende saldometode.

Die formule is:

$$\text{Waardevermindering vir die jaar} = \text{Boekwaarde van die bate} \times \text{Waardeverminderingskoers}$$

Die waardeverminderingskoers word as volg bereken:

$$\text{Waardeverminderingskoers} = \frac{100}{\text{Lewensverwagting in jare}} \times \frac{2}{1}$$

'n Groot voordeel van die metode is dat die waardevermindering in die eerste jare hoog is, maar gelykmatig afneem. Die enigste nadeel van die metode is dat die berekeningsmetode soms kompleks kan raak.

□ Gebruikswaardemethode

Die waardevermindering word geneem na gelang van die vlak waartoe die bate benut of gebruik is. Die leeftyd van die bate word dus nie in jare uitgedruk nie, maar in die werklike aanwending daarvan byvoorbeeld die ure gebruik of die aantal kilometers.

Die berekeningsmetode is:

$$\begin{aligned} \text{Waardevermindering} &= \\ &\frac{\text{Kosprys (vervangingswaarde) - Skrotwaarde (herstelwaarde vir die jaar)}}{\text{Lewensverwagting in jare (kilometers)}} \\ &\times \frac{\text{Gebruik vir die jaar in ure (kilometers)}}{1} \end{aligned}$$

Hierdie metode se grootste nadeel is dat die waardevermindering deur tegnologiese of fisiese veroudering nie in berekening gebring word nie. Die waardevermindering speel 'n belangrike rol by die bepaling van die waarde van 'n bate. Die metode wat gebruik word hang af van persoonlike voorkeur. Die afnemende saldometode dui die mees realistiese waardevermindering aan omdat bates neig om aanvanklik meer in waarde te verminder as in latere jare.

Om die produktiewe en optimumwaarde te bepaal, is van belang vir enige boerdery-onderneming. Die koste aangegaan moet oor 'n redelike en realistiese tyd verhaalbaar wees.

4.8 SAMEVATTING

Die doel om in 'n boerderyonderneming betrokke te raak, is om 'n aanvaarbare opbrengs op kapitaal te realiseer deur aanvaarbare winsgewendheid te handhaaf. Indien die doel nie nagestreef word nie kan die fondse wat belê is veel beter in 'n ander belegging belê word waarvan die opbrengs hoër is. Om die doelwit te bereik, is finansiële bestuur en beplanning van belang en moet alle hulpmiddele aangewend word om dit te bereik. Om in 'n enkele oogwink waar te neem of die doelwit bereik is, kan van die *Du Pontmodel* gebruik gemaak word nadat van al die ander hulpmiddele, wat in die studie bespreek is,

gebruik gemaak is. (Die model word as bylae 4.13 aangeheg. Die sleutelverhoudings as 'n sisteem word as bylae 4.14 aangeheg.) Die boer se ingesteldheid teenoor risiko kan nie buite rekening gelaat word nie.

Die hoofstuk het ten doel gehad om teoretiese beginsels te bespreek sonder om in te veel diepte in elk van die onderwerpe in te gaan. Elk van die onderwerpe is 'n studieterrein op sy eie. Verder is net die begrippe aangeraak wat van toepassing is op die studieterrein.

HOOFSTUK 5

INVLOED VAN KOSTEVERANDERINGS OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word hipotetiese gevalle geneem om die invloed wat verskillende vaste kostekomponente op winsgewendheid het, te bepaal. Verder word die gelykbreekpunt van 'n boerderyeenheid bepaal.

Die bruto winsmarges wat gebruik is, is dié van die *Combud: Enterprise budgets - Free State Region* wat deur die Departement van Landbouontwikkeling uitgegee word. Die doel of aanwendingsmetode, die opstelprosedure, verduidelikende notas, die aard van uitdrukkings en terminologie wat gebruik word in die opstel van die *Combud* word as bylae 5.1 aangeheg (Die bylae is volledig uit die *Combuds* geneem wat in die studie gebruik is.)

Die kostestyging van arbeid word nie in diepte bespreek nie, aangesien hierdie koste nie ekstern bepaal word nie. Die verhoging van lone word deur elke individuele boer afsonderlik bepaal. Aangesien rantsoene byvoorbeeld kruideniersware ook deur sekere boere as deel van die vergoeding verskaf word, verskil die loonpakket van boer tot boer. Dit is moeilik om 'n bepaling van die styging in lone oor die tydperk onder bespreking te doen. Wat die bepaling verder bemoeilik, is dat sommige boere die loon konstant hou, maar die rantsoene vermeerder terwyl ander boere die loon en rantsoene verhoog.


Elektrisiteitskostestygings vir die tydperk onder bespreking kan nie deur Eskom verskaf word nie aangesien die afstand van oprigting van 'n elektrisiteitslyn van plaas tot plaas verskil. Verder is boere in verskillende kragverbruikkategorieë ingedeel en verskil die berekening van die koste van elektrisiteit van boer tot boer. Sommige van die kategorieë het 'n groter prysstyging gehad as ander. Derhalwe is dit moeilik om die jaarlikse prysstyging vir die studietydperk te bepaal.

Vir die veranderlike koste van arbeid sowel as vir die elektrisiteitskoste moes ten volle staatgemaak word op die kostefaktor soos bepaal deur die opstellers van die *Combud*. Elektrisiteitskoste as persentasie van die veranderlike koste het gewissel van ongeveer nege

persent tot 22 persent. Die invloed van elektrisiteitskoste is dus 'n faktor by veranderlike koste. Aangesien elektrisiteitskoste vir alle fabrikate van spilpunte bykans dieselfde is, is by die berekening volstaan soos in die *Combud* aangetoon word. Arbeid daarenteen is 'n klein kostekomponent van die veranderlike koste. Arbeidskoste as persentasie van veranderlike koste het van ongeveer twee tot vier persent gewissel.

Die styging van waterregkoste word in grafiek 5.1 aangetoon.

GRAFIEK 5.1 PRYSSTYGINGS VAN WATERREGTE VANAF 1980 TOT 1983
EN VANAF 1983 TOT 1985 VIR 60 HEKTAAR



- Boere wat tot besproeiing toegetree het na 1985 is bykans 38 persent op waterregte alleen swakker daaraan toe; uitgesluit faktore wat daarmee saamgaan soos hoër renteverpligtinge.

Grondpryse het ook vanaf 1980 tot 1985 toegeneem. Die prysstyging van nie-ontwikkelde grond kon nie akkuraat vasgestel word nie, aangesien sommige boere besproeiing aangelê het op hulle eie plase terwyl ander boere grond aangekoop het vanaf die Departement van Omgewingsake asook van ander boere. Die gemeenskaplike faktor is egter dat al die boere waterregte moes aankoop teen die dan aangekondigde waterregpryse.

Die invloed van verskillende oesopbrengste op bruto winsmarges is duidelik wanneer bylaes 5.3 tot 5.14 bestudeer word.

Die invloed van elk van die genoemde kostefaktore asook die kostekomponente wat in hoofstuk drie bespreek is, word in hierdie hoofstuk bespreek tesame met die invloed van die wisseling in bruto winsmarges op winsgewendheid. Daar word na die invloed van elk van die komponente op die gelykbreekpunt en netto winsmarges gekyk.

5.2 VERGELYKING VAN BRUTO WINSMARGES VANAF 1983 TOT 1986

Die winsmarges het van 1983 tot 1986 meestal gedaal weens die toename in veranderlike koste teenoor die toename van pryse van koring en mielies. Die bruto winsmarges en bruto winspersentasie word in tabel 5.1 aangetoon.

TABEL 5.1 BRUTO WINSMARGES VANAF 1983 TOT 1986 ASOOK BRUTO WINSPERSENTASIES

Koring	Jaar	Bruto winsmarges R/ha	Bruto winspersentasie (R)
Douglas	1983/84	619,89	44,92
	1984/85	644,83	43,13
	1985/86	524,27	29,48
Van der Kloof en Ramah	1983/84	465,48	38,33
	1984/85	732,14	40,81
	1985/86	885,15	54,61
Mielies	Jaar	Bruto winsmarges R/ha	Bruto winspersentasie (R)
Douglas	1985/86	317,90	20,18
Van der Kloof en Ramah	1983/84	618,53	49,34
	1984/85 (vroee)	893,04	38,20
	1984/85 (laat)	390,89	26,38
	1985/1986 (vroee)	1 030,52	42,10
	1985/86 (laat)	490,80	31,71

(Bruto winsmarges is volledig in bylaes 5.2 tot 5.14 uiteengesit.)

Die verbetering van die bruto winspersentasie van die Ramah-gebied is teweeggebring deur 'n hoër opbrengs per hektaar.

5.3 DIE INVLOED VAN SEKERE VASTE KOSTEKOMPONENTE OP DIE GELYKBREEKPUNT

Vir die studiedoeleindes word die vaste koste aangepas en die bruto winsmarge en bruto winspersentasie word konstant gehou.

Om die invloed oor 'n jaar waar te neem, word die vaste koste vir 'n jaar geneem. Aangesien koring en mielies in een jaar verbou word, word die gesamentlike bruto winsmarge van koring en mielies vir daardie bepaalde jaar geneem. (Koring word in November/Desember geoes en mielies in Junie/Julie.) Die periode 1983/1984 vir Van der Kloof se bruto winsmarge en bruto winspersentasie word regdeur gebruik terwyl die vaste koste van verskillende jare geneem word. Sodoende word die invloed van die verandering van die vaste koste op die gelykbreekpunt duidelik aangetoon. Die vaste koste wat geneem word, word in die bylaes van hoofstuk drie aangetoon. Die invloed van rentekoerse word onder 5.5 bespreek aangesien dit 'n invloed het op die veranderlike koste as rente op produksielenings en op die vaste koste as rente op kapitaalgoedere.

Die vaste kostekomponente wat gebruik word vanaf 1983 tot 1986 word in tabel 5.2 aangedui.

TABEL 5.2 VASTE KOSTEKOMPONENTE

Vaste koste	1983	1984	1985	1986
	R	R	R	R
Paaielemente van die vaste bates teen vaste paaielemente teen verskillende jare se kooppryse teen 20 persent oor vyf jaar				
Toyota Cressida 2GL	3 668	4 342	5 716	6 174
Toyota Hilux 2000 bakkie	3 008	3 389	4 123	5 847
Ford Cargo vragmotor	6 841	8 114	10 288	11 110
Fiat Model 680 DT 55KW trekker	8 610	9 062	10 635	16 445

Vaste koste	1983	1984	1985	1986
	R	R	R	R
Paalement geneem oor 10 jaar				
Valley spilpunt (59,9 ha. uitgesluit koste vir oprigting ens.)	22 898	24 329	27 192	28 623
Waterregkoste	6 583	6 583	7 871	7 871
	51 608	55 819	65 825	76 070
Bruto wins				
Van der Kloof (60 ha. kyk bylaes 5.4 & 5.9)				
Koring	27 929 (R465,48/ha)			
Mielies	37 112 (R618,53/ha)			
Bruto winspersentasie				
Koring	38,33			
Mielies	49,34			
Gelykbreekpuntomset teen die gemelde koste en bruto winspersentasie	119 619	129 379	152 572	176 318
Gelykbreekpunt in hektaar	48,47	52,42	61,82	71,44

(Vir die berekening van die gelykbreekpunt word die vaste koste in twee halfjaarlikse koste ingedeel.)

Uit tabel 5.2 kan die effek van stygende koste gesien word indien dit nie effektief bestuur en beheer word nie. Die aangaan van koste wat die vaste kostekomponent verhoog, werk eroderend in op die bruto winsmarge.

5.4 INVLOED VAN VERANDERING VAN DIE VERANDERLIKE KOSTE OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT

Veranderlike koste anders as die vaste koste kan nie altyd so direk en effektief beheer word nie. Die veranderlike koste moet aangegaan word om die opbrengs te verkry, maar omstandighede soos pessiëktes kan die bruto winsmarge direk beïnvloed indien die verlangde opbrengs nie verkry word nie. Anders as by die vaste koste is kundigheid van die

gewasse wat geplant word van kardinale belang bo en behalwe die bestuur van die insetkoste. Daar kan byvoorbeeld vir 'n bepaalde opbrengs bemes word, maar die koste daarvan kan onrealisties wees tot die haalbaarheid van die opbrengs.

Die invloed van die verandering in die veranderde koste word in tabel 5.3 weergegee.

TABEL 5.3 VERANDERING IN DIE VERANDERLIKE KOSTE

	RENTEAANPASSING			
	Werklike (R)	5% (R)	10% (R)	15% (R)
Douglas 1983/84 (kyk bylae 5.3)				
Bruto inkomste: koring	1 380	1 380	1 380	1 380
Veranderlike koste: koring	760	798	836	874
Bruto winsmarge	620	582	544	506
Bruto winspersentasie	44,93	42,17	39,42	36,67
Vaste koste	50 000	50 000	50 000	50 000
Gelykbreekpuntomset teen gemelde kostekomponente	111 284	118 568	126 839	136 351
Gelykbreekpunt in hektaar	80,64	85,92	91,91	98,81

(In die tabel word die veranderlike koste met sekere persentasiepunte aangepas om die invloed op die bruto winsmarge aan te toon. Die inkomste en vaste koste word konstant gehou.)

Die bestuur van die insetkoste (veranderlike koste) is belangrik. Om 15 persent effektief te wees, benodig 'n boer volgens die voorbeeld wat in die tabel uiteengesit word 18,17 hektaar ekstra oppervlakte om dieselfde koste te diens en dieselfde gelykbreekpunt te bereik as die boer volgens die tabel se eerste kolom.

5.5 DIE INVLOED VAN RENTEKOERSE OP DIE BRUTO WINSMARGE EN GELYKBREEKPUNT

Die rentekoerse het vanaf 1980 'n wesenlike faktor geword. Vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis het die prima uitleenkoers tot 25 persent gestyg. Hierdie invloed is verontrustend as in ag geneem word dat die uitleenkoers slegs vir prima kliënte geld en ander boere tot 30 persent op geleende fondse betaal het in 1984.

TABEL 5.4 DIE INVLOED VAN RENTEKOERSE

VERSKEIDENDE RENTEKOERSE						
	Werklik	16%	19%	22%	25%	30%
	R	R	R	R	R	R
Van der Kloof (kyk bylae 5.4 & 5.9)						
Kapitaalbedrag	100 000					
Rente per jaar		16 000	19 000	22 000	25 000	30 000
Veranderlike koste (word gefinansier vir 6 maande)						
Koring (R748,92 - R0,03 x 60 ha)	44 933	3 595	4 269	4 943	5 617	6 740
Koste per hektaar		59,92	71,15	82,38	93,62	112,33
Mielies (R635,07 - R55,35 x 60 ha)	34 783	2 783	3 304	3 826	4 348	5 218
Koste per hektaar		46,38	55,07	63,47	72,47	86,97
Bruto winsmarge teen die rentefaktor						
Koring		405,59	394,38	383,13	371,89	353,18
Mielies		627,47	618,78	610,08	601,38	586,88
Totale bruto winsmarge		1 033,06	1 013,14	993,21	973,27	940,06
Bruto winspersentasie (%)		41,86	41,05	40,24	39,44	38,09
Gelykbreekpuntomset		38 222	46 285	54 672	63 420	78 781
Gelykbreekpunt in hektaar (ha)		15,49	18,75	22,15	25,70	31,92

(In die tabel word die vaste koste geneem as rente op 'n vaste bedrag. Die veranderlike koste word konstant gehou. Die rente op die produksielening word aangepas na die rentekoerse wat in die tabel gebruik word om die invloed daarvan op die veranderlike koste aan te toon.)

Die invloed van finansieringskoste op die gelykbreekpunt kan nie gering geskat word nie. Om 'n rentekoers van 30 persent te diens, moet 'n boer meer as dubbel die hektare besproei om die gelykbreekpunt te bereik wat die boer met 'n rentekoers van 16 persent bereik.

5.6 SAMEVATTING

Uit die bespreking van hierdie hoofstuk kan duidelik gesien word tot watter mate beheer uitgeoefen moet word om koste binne perke te hou. Finansiële beheer, dissipline en bestuur is van kardinale belang. Die boer het verskeie hulpmiddele tot sy beskikking, soos reeds in hoofstuk vier bespreek is, om sy doel te bereik. Die berekening van die gelykbreekpunt is noodsaaklik om in 'n oogopslag die invloed van enige verandering aan die boerdery-eenheid waar te neem.

HOOFSTUK 6

SUKSESVOLLE BESTUUR VAN KAPITAAL

6.1 INLEIDING

